# 'N ONDERSOEK NA DIE WISSELWERKING TUSSEN SOMMIGE EKOLOGIESE FAKTORE EN DIE BEVOLKINGS VAN *Simulium damnosum* Theobald EN *Simulium nigritarsis* Coquillet (Simuliidae: Diptera) IN DIE VAALRIVIER BY PARYS

---

deur J. A. Steenkamp M. Sc. Agric.

Proefskrif voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Doctor Scientiae aan die Potchefstroomse Universiteit vir Chirstelike Hoër Onderwys

Promotor: Prof. J. A. van Eeden
Hulppromotor: Dr. S. J. Pretorius

Potchefstroom
Desember 1972

INHOUDSOPGAWE

1. 'N ONDERSOEK NA DIE WISSELWERKING TUSSEN SOMMIGE EKOLOGIESE FAKTORE EN DIE BEVOLKINGS VAN Simulium damnosum Theobald EN Simulium nigritarsis Coquillet (Simuliidae : Diptera) IN DIE VAALRIVIER BY PARYS 1

2. WERKSWYSE EN STUDIEGEBIED 6

3. PERIODES VAN WAARNEMING 12

4. STATISTIESE ONTLEDING 13

5. RESULTATE 17

6. BEREKENINGSRESULTATE 17

6.1 Die invloed van sekere omgewingsfaktore op die aktiwiteit van volwasse simuliede 17

6.1.1 Die aktiwiteit van S. damnosum tydens die dag 17
6.1.2 Die aktiwiteit van S. damnosum tydens die nag 44
6.1.3 Die aktiwiteit van S. nigritarsis tydens die nag 52

6.2 Die invloed van sekere fisiese en chemiese eienskappe van water op die larwes van S. damnosum en S. nigritarsis 61

6.2.1 Die aktiwiteit van larwes van S. damnosum 61
6.2.2 Die aktiwiteit van larwes van S. nigritarsis 70

6.3 Die invloed van sekere fisiese en chemiese eienskappe van water, en die onmiddellike omgewing daarvan op die ontpopping van S. damnosum en S. nigritarsis 80

6.3.1 Die ontpopping van S. damnosum 80
6.3.2 Die ontpopping van S. nigritarsis 89

6.4 Die getalsvoorkomsdigtheid van S. damnosum en S. nigritarsis tydens die ondersoekperiode 98

6.5 Die effektiwiteit van valle waarmee vangste gemaak is 101

6. 5. 1 Die effektiwiteit van die bewegende valle vir die vang van volgroeide
S. damnosum 101
6. 5. 2 Die effektiwiteit van die suigvalle vir die vang van volgroeide
S. nigritarsis in die nag 101

6. 6 Die invloed van simulied-aanvalle op beeste 104

6. 6. 1 Die invloed van simulied-aanvalle op die melkproduksie van koeie 104
6. 6. 2 Die voorkoms van simulied-aanvalle op verskillende beesrasse 104
6. 6. 3 Skade aan beeste a. g. v. simulied-aanvalle 108

6. 7 Die invloed van simulied-aanvalle op hoenders 111

6. 7. 1 Die invloed van simulied-aanvalle op eierproduksie 111

6. 8 Die effektiwiteit van die afweermiddel 111

6. 9 Die radius van voorkoms van S. damnosum 111

7. DIE VERKLARING VAN SIMULIEDAKTIWITEIT AAN DIE HAND VAN VERSKEIE OMGEWINGSFAKTORE 114

8. DIE EKONOMIESE BELANGRIKHEID VAN SIMULIEDE IN SUID-AFRIKA EN DIE PRAKTIESE IMPLIKASIE VAN DIE ONDERSOEK t. o. v. DIé PROBLEEM 141

9. OPSOMMING 145

10. DANKBETUIGING 147

11. LITERATUURVERWYSINGS 148

# 1. 'N ONDERSOEK NA DIE WISSELWERKING TUSSEN SOMMIGE EKOLOGIESE FAKTORE EN DIE BEVOLKINGS VAN Simulium damnosum Theobald EN Simulium nigritarsis Coquillet (Simuliidae : Diptera) IN DIE VAALRIVIER BY PARYS

Weersomstandighede beheer die aanvals-aktiwiteit van Simuliidae. Aanvalle van Simuliidae op vee is reeds sedert 1913 in Suid-Afrika bekend toe Fuller hierna verwys het en in 1938 rapporteer Skaife dat S. nigritarsis Coquillet algemeen in die omgewing van Kaapstad voorgekom het. Die erns van die simulied-probleem het egter eers in die vroeë vyftiger-jare onder die aandag gekom nadat keerwalle in verskeie riviere aangebring is. Ideale toestande vir die vestiging van simulied=bevolkings is geskep aan die onderkant van dié walle (Hughes, 1952; Kalmykov, 1955 en Ussova, 1961) en dit was dan ook nie lank voordat boere by die Departement van Landbou om hulp aangeklop het vir die bestryding van die plaag nie (Mönnig & Veld=man, 1953). Dit verbaas dus nie dat Harrison in 1958 en Chutter in 1967 die teen=woordigheid van Simuliidae in groot getalle in die Berg- en Vaalrivier onderskei=delik kon aantoon nie. Alhoewel baie navorsing die afgelope vyftig jaar op die vol=wassenes van veral S. damnosum Theobald gedoen is, rapporteer die meerderheid van die literatuur slegs fragmentariese aspekte van die ekologie.

Simulium damnosum is 'n bloedsuier van mense en diere in Ekwatoriale- en Oos-Afrika. In hierdie verband verklaar Lewis (1948): "Near the rivers they (S. damnosum) were particularly troublesome and had been sufficient to prevent labourers from working near the river". In Suid-Afrika, aan die anderkant, kom S. damnosum ook redelik algemeen voor, maar dit is nie bekend dat mense ooit aangeval is nie (Freeman & de Meillon, 1953).

Baie min is egter van S. nigritarsis bekend omdat dit nie naastenby so 'n belang=rike plaag is nie, en ook nie sy wydverspreid soos S. damnosum voorkom nie.

Dit is noodsaaklik om daarop te wys dat gedragsverskille van S. damnosum in ver=

skillende streke voorkom. S. damnosum val mense aan in Midde- en Wes-Afrika maar nie in Rhodesië nie (Muirhead-Thomson, 1968). Genoemde gedragsverskille van dieselfde spesie kon nie verklaar word nie voordat Dunbar in 1966 vier newe=spesies ("sibling species") van S. damnosum in Uganda ontdek het nie. Sedertdien word algemeen aanvaar dat S. damnosum uit meer as een naverwante spesie bestaan alhoewel dit nog nie bevredigend bewys kon word nie (Dunbar, 1966 en 1969; Duke et al., 1966; Lewis & Duke, 1966; McRae, 1967). Moontlike gedragsverskille tussen S. damnosum in Suid-Afrika en in ander dele van Afrika moet altyd teen hier=die agtergrond gesien word. Vanweë genoemde redes is dit dus noodsaaklik dat diepergaande ekologiese ondersoeke plaaslik uitgevoer moet word sodat die oor=sake van die voorkoms van plaaggetalle vasgestel kan word.

Wat die onvolwasse stadia betref, is dit bekend dat simuliede veral in snelvloeiende water leef en dit verklaar tot 'n baie groot mate die geografiese verspreiding van die insek. Volgens Hocking en Pickering (1954) is snelvloeiende water 'n voorver=eiste vir die voorkoms en voortbestaan van simuliede, omdat dit 'n voldoende voor=raad suurstof bevat, die mondborsels van die larwes vir voeding oop hou en genoeg voedsel vervoer.

Soos reeds genoem is baie werk die afgelope vyftig jaar op veral S. damnosum gedoen. Omdat die eier-, larf- en papiestadium in water voorkom en betreklik maklik te eniger tyd versamel kan word is dit verstaanbaar waarom die meeste waarnemings op die onvolwasse stadia gemaak is (Blacklock, 1926; Bequaert, 1939; Edwards, 1941; Gibbins, 1941; Fain, 1949 en 1950; Wanson, 1950; Freeman & de Meillon, 1953; Lewis, 1953 en Muirhead-Thomson, 1968). Soos tewens ook die geval is met ander outeurs wat in dié verband aangehaal kan word, is die waarnemings veral om twee redes nie van veel betekenis nie:

1) Geen intensiewe studie is nog oor 'n lang periode op die onvolwassenes gedoen nie. Die meeste waarnemings is fragmentaries en is gedoen as 'n klein en minder

belangrike onderdeel van 'n ander studie.

2) Dit is bekend dat die gedrag van dieselfde Simulium-spesie (onvolwassenes net soos volwassenes), verskille in verskillende gebiede vertoon (Lewis, 1948 en Buckley, 1949).

Dit is bekend dat volwasse simuliede 'n groot gebied kan bewoon en bestryding is dus baie duur en moeilik. Die onvolwasse stadia daarenteen kom slegs in snelvloeiende water voor wat uit 'n bestrydingsoogpunt groot moontlikhede bied (Ussova, 1964).

Soos met enige ander plaagprobleem die geval is, is 'n deeglike ekologiese kennis ook hier noodsaaklik om as basis te dien vir moontlike bestrydingsmaatreëls veral as die gebruik van chemosterilante vir die uitroei van onvolwasse stadia oorweeg sou word (Dame & Ford, 1964; Dame et al., 1964; Borkovec, 1966).

Hoewel daar in Suid-Afrika 26 verskillende Simulium-spesies voorkom, waarvan 14 mense en diere kan aanval (Freeman & de Meillon, 1953) is hier te lande, behalwe vir die werk van Chutter (1967) feitlik nog geen navorsing aangaande die ekologie van dié insekte gedoen nie.

Die Simulium-spesie wat in die Parys-gebied verantwoordelik is vir aanvalle op vee, is geïdentifiseer as S. damnosum. Ook is 'n ander spesie in die gebied versamel wat as S. nigritarsis geïdentifiseer is en wat veral 'n plaag van hoenders is. Die volwassenes van die twee spesies kan maklik onderskei word volgens die beskrywings van Freeman en de Meillon (1953) en die onvolwasse stadia volgens die beskrywing van Crosskey (1960).

Die doel van die projek was o. a. om die getalwisseling in die bevolking aan die hand van die gemete omgewingsfaktore te probeer verklaar en om dan in die toekoms vanuit die makliker meetbare weersomstandighede die moontlike voorkoms van plaaggetalle te voorspel. Dié voorspelling is noodsaaklik vir die suksesvolle implementering

van beheermaatreëls.

Alhoewel verskeie komponente van die omgewing (Browning, 1963) 'n beherende in= vloed op die simuliede het, is van die aanvanklike veronderstelling uitgegaan dat die weerstoestande waarskynlik die belangrikste beherende invloed sou uitoefen.

Om hierdie hipotese te verifieer is die aktiwiteit van die simuliede gedurende die dag en die nag ondersoek deur van twee verskillende soorte valle gebruik te maak. Die getalsdigtheid van beide S. damnosum en S. nigritarsis is bepaal en 'n duide= like onderskeid is tussen "aktiwiteit" en "bevolkingsdigtheid" tydens die studie ge= maak. In hierdie verband het Williams (1962) geskryf: "The catch in a trap in any short period, such as a single night, is a function of both activity and population. Since in the field both population and activity are changing, the first object is to separate as far as possible these two effects".

Onder die term, bevolkingsdigtheid, word bedoel die totale of relatiewe aantal volwas= se simuliede wat per eenheidsoppervlakte op 'n sekere tydstip in 'n sekere omgewing aanwesig is (Steenkamp & Auret, 1968).

Met die term, aktiwiteit, word bedoel die bedrywigheid van die simuliede in 'n se= kere omgewing (Steenkamp & Auret, 1968). Hierdie aktiwiteit is kwantitatief gemeet as die aantal vlieë wat van tyd tot tyd by kunsmatige valle gevang is tydens 'n kort periode (3 dae). Dit is aangeneem dat die bevolkingsdigtheid tydens hierdie kort tydperk relatief onveranderd was.

Uit die aanhaling van Williams (1962) en die definisies van die terme hierbo, volg dit dat om 'n getroue weergawe van aktiwiteit te verkry die bevolkingsdigtheid kon= stant moet wees. Byvoorbeeld, onder dieselfde gunstige toestande sal 'n groot be= volking waarskynlik meer aktief wees as 'n kleiner bevolking. Die aanname is gemaak dat die waarskynlikste metode om die bevolkingsdigtheid konstant te hou, sou wees om

'n kort periode (byvoorbeeld drie dae) te kies waarin aktiwiteittellings gemaak word (m. a. w. daar is aanvaar dat faktore soos ontpoppingskoers byvoorbeeld 'n relatief klein invloed oor so 'n kort periode op aktiwiteit sou hê).

Linière regressievlakke is op elk van die agt stelle data per seisoen (vier in die dag en vier snags) gepas. Dit is veronderstel dat die stapsgewyse regressies baie van die variasie in die populasie sou verklaar en dat dit vir moontlike voorspellings van plaaggetalle gebruik sou kon word. Die veranderlikes wat in die regressieberekeninge in aanmerking geneem is, was lugtemperatuur, relatiewe humiditeit, ligintensiteit, windrigting en windsnelheid.

Vir die aanduiding van bevolkingsdigtheid is die aantal simuliede, wat gevang is in kuns=matige valle, grafies voorgestel teen die tyd van die jaar.

Die effektiwiteit van die valle is bepaal deur die aantal simuliede wat gevang is te vergelyk met die aantal wat op beeste en hoenders gedurende dieselfde periode versa=mel is.

Die bevolkingsdigtheid van die onvolwasse stadia is bepaal en ook in dié geval is daar 'n definitiewe onderskeid gemaak tussen aktiwiteit en bevolkingsdigtheid soos reeds beskryf.

Letterlik honderde verwysings kan oor die nadelige invloed van simulied-aanvalle op beeste en hoenders aangehaal word maar met die uitsondering van een geval is kwantitatiewe metings nie gedoen nie. Die belangrikheid van die plaag in die praktyk word in die algemeen dikwels onderskat omdat die simuliede relatief klein en sommiges slegs snags 'n plaag is wanneer hulle moeilik waargeneem kan word. Ook is die simp=tome van simulied-aanvalle op diere tot 'n groot mate onbekend, sodat dit dikwels gebeur dat die simptome verwar word met dié van ander siektes.

Vanweë genoemde redes is daar in die onderhawige studie gepoog om die invloed van aanvalle kwantitatief in terme van produksievermoë te meet.

## 2. WERKSWYSE EN STUDIEGEBIED

Al die insekte wat in die ondersoek gebruik is, is op die Vrystaatse oewer van die Vaalrivier, naby Parys, versamel. 'n Studie is van die volwassenes sowel as die onvolwassenes van beide S. damnosum en S. nigritarsis gemaak.

Tydens die bestudering van die aktiwiteit en bevolkingsdigtheid van die volwassenes van S. damnosum en S. nigritarsis in die dag, is valle soos dié van Fredeen (1961) gebruik waaraan sommige veranderings aangebring is. Elke val het bestaan uit 'n raamwerk met vier pote waarvan die totale hoogte 1,3 m was (fig. 1). Die raamwerk was 2 m lank en 1 m wyd en die boonste tweederdes was bo en langs die kante met kartonplank toegemaak. Rondom, onder aan die kartonplank, was 'n 20 sm breë strook seil vasgeheg. Die opening onder het 'n grootte van 3 $m^2$ gehad. Direkte son= lig kon deur die opening bo in die val, waarin 'n tregter en verwyderbare glasfles ge= monteer is, skyn. Die volwasse simuliede het in die fles versamel en is tydens vooraf vasgestelde tye verwyder deur die fles af te skroef en die inhoud oor te plaas in monsterflesse. Hierin is hulle in 70% etiel-alkohol bewaar vir latere identifikasie en tellings. Tydens die beginfases van die studie is waargeneem dat S. damnosum bewegende voorwerpe volg (Steenkamp, 1965). Na aanleiding van hierdie waarneming is die valle gedurig outomaties beweeg om 'n beter vangs te verseker (Steenkamp, 1965).

Elk van die bewegende valle is aan vier ysterpale, wat 0,3 m vanaf die pote van elke val ingeslaan is, opgehang sodat die valle beweeg kon word. Die valle is in 'n reguit ry geplaas en met binddraad gekoppel. 'n Eenperdekrag elektriese motor is op 'n staalraam, wat regoor die valle geanker is, gemonteer en d. m. v. verskeie V-bande



FIGUUR 1. Die sogenaamde koeiskadubeeldval met die veranderings wat aangebring is

en reduksiekatrolle is die spoed van die motor sodanig verminder dat dit slegs ses omwentelinge per minuut by die aftakpunt was. 'n Hefboom aan die aftakpunt en die naaste val het 'n slaglengte van 0,3 m per omwenteling veroorsaak. Die valle is dus 6 maal per minuut oor 'n afstand van 0,3 m heen en weer beweeg. Die verste val is met 'n veer wat 0,3 m kon uitrek, verbind aan 'n paal wat in die grond inge= slaan is. Dit het tot gevolg gehad dat alle verbindingsdrade tussen valle te alle tye styf was. Die valle, wat in 'n reguit lyn ewewydig met die rivier aangebring is, was gerieflikheidshalwe ongeveer 15 m van mekaar en 70 m vanaf die rivier.

Om die aktiwiteit en bevolkingsdigtheid van volwassenes van S. damnosum en S. nigritarsis ook in die nag te kon bestudeer, is van standaard ligvalle (Fredeen, 1958) gebruik gemaak waarvan die oop kante met 196 maas gaasdraad bedek was. Soos aan= getoon deur Steenkamp (1965) is die gaas rondom die valle aangebring om die groter insekte uit te hou en om sodoende die sortering van die monsters te vergemaklik. In die gifbottels waarin die insekte versamel is, is 5 $sm^2$ etiel-asetaat per nag gebruik. Gloeilampe van 230 volt en 100 watt is in die ligvalle gebruik. Die ligvalle, wat nader aan die rivier as die bewegende valle geplaas was, is ewewydig met die rivier aangebring, gerieflikheidshalwe ongeveer 30 m van mekaar en 40 m van die rivier.

Van die getalle van S. nigritarsis wat in die nag op hoenders waargeneem is, was dit duidelik dat die ligvalle nie effektief was vir die versameling van hierdie spesie nie. Gevolglik is van suigvalle gebruik gemaak. Drie standaard suigvalle is vir 'n periode van twee jaar gebruik. Die suigvalle is 1 m bokant die grond opgestel in die onmiddellike nabyheid van die ligvalle. Die suigkantbuis is bedek met 196 maasdraad vir dieselfde rede as dié by die ligvalle genoem.

Alle valle wat vir die versameling van die volwassenes gebruik is, is onder min of meer identiese omgewingstoestande geplaas en daar is veral gelet op faktore soos die afstand vanaf die rivier en die onmiddellike nabyheid van obstruksies soos groot bome, by die plasing.

Spesiale voorsorgmaatreëls moes getref word by die leegmaak van die valle. Soos gemeld, volg S. damnosum bewegende voorwerpe. Om hierdie rede is gepoog om altyd dieselfde looppatroon tussen die valle te volg en ook om sover moontlik ewe lank by elke val te vertoef.

Om die digtheid van larwes en papies te kon bestudeer is aanvanklik van politeenstroke (Williams & Obeng, 1962) gebruik gemaak waarop die larwes en papies kon vasheg. Die stroke is gesny van medium dik politeenvelle en elke strook was 45 sm lank en 2,5 sm breed. Die stroke is in water met verskillende stroomsnelhede geplaas en al=mal is min of meer op dieselfde diepte vasgeheg.

Gedurende September 1965 is waargeneem dat die politeenstroke nie effektief is nie omdat baie min larwes en papies op hulle voorgekom het, terwyl daar groot getalle op ander voorwerpe in die water was. Tydens die beginfase van die studie is waar=geneem dat daar meer larwes en papies op die vinne van die stroomvloeimeters van die Waterwerke as op die politeenstroke teenwoordig was. Gevolglik is die vinne van die stroomvloeimeters as monstereenheid vir die bepaling van die digtheid van die onvolwasse stadia gebruik. Daar is drie van die stroomvloeimeters gebruik en die voor- en agterkant van elk van die drie vinne van elke stroomvloeimeter is as herhalings beskou m. a. w. daar was ses herhalings per vloeimeter. Die larwes en papies is nooit versteur nie aangesien die voor- en agterkant van die vinne tydens elke monstering gefotografeer is en onmiddellik in die stroom teruggeplaas is. Tel=lings is daarna op die foto's gedoen.

Om vas te stel of sekere faktore in en buite die water 'n invloed op ontpopping het, is daar drie ontpoppingsvalle ("emergence-cages") gebruik (sien fig. 2) om die waterverlating van simuliede te ondersoek. Die ontpoppingsval het bestaan uit 'n dun piramiedvormige ysterraamwerk wat oorgetrek is met fyn swart nylon gaas. Die oppervlakte van die basisopening van dié val is 3 $m^2$. Twaalf leë olieblikke wat



FIGUUR 2. Die ontpoppingsval wat gebruik is om die waterverlating van die simuliede te ondersoek

toegesoldeer is, is aan die basis van die raamwerk vasgeheg om dit vlot te maak. Lig is deur die boonste opening in die val ingelaat deur 'n verwyderbare vrugtefles waarin 'n tregter onderstebo gemonteer is. Die totale hoogte van die val is 1 m. Drie valle, soos hierbo beskryf, is gebruik om herhalings van tellings te maak.

Om die invloed van simulied-aanvalle op die melkproduksie van koeie te bepaal is ses Frieskoeie toegelaat om te wei in 'n weikamp wat grens aan die rivier. Die massa melk per dag is daagliks gedurende 'n drieweeklikse periode aangeteken vir elk van die ses koeie. Drie van die koeie is as kontrole gebruik en hulle is vir die hele pe= riode met 'n efftiewe afweermiddel ("repellent") behandel. Die ander drie koeie is net gedurende die eerste en laaste week van die periode met die afweermiddel be= handel. Simuliede kon dus gedurende die tweede week dié groep van drie koeie aan= val. Verskeie voorsorgmaatreëls is getref om melkproduksie konstant te probeer hou. Dieselfde hoeveelheid van dieselfde voerrantsoen is gedurende die hele periode aan elk van die ses koeie gegee en daar is elke oggend en elke aand op dieselfde tyd ge= melk. Ook was daar gedurende die hele periode 'n oorvloed groen gras en skoon wa= ter beskikbaar. Behandeling met die afweermiddel is elke oggend herhaal net nadat daar klaar gemelk is. Die afweermiddel is soos volg saamgestel:

5% kommersiële "lysol"
10% kragparaffien
85% water.

Die toediening van die afweermiddel is as 'n fyn mis m. b. v. 'n sprinkaanspuit aan die onderkant van die beeste gespuit. Die middel is gedurig geroer en 20 diere is met $2\frac{1}{2}$ liter behandel. Die middel is omtrent 36 uur lank effektief. Die melk van elke koei is elke oggend en elke middag afsonderlik op 'n Sauter trekskaal geweeg. Dit is dus aanneembaar dat enige verskil in melkproduksie tussen die behandelde en onbe= handelde koeie gedurende dié periode (toe die drie koeie nie met 'n afweermiddel be= handel is nie) aan die invloed van aanvalle van simuliede toe te skryf is.

Om vas te stel of die affiniteit van die simuliede vir verskillende beesrasse verskil, is 'n uitgegroeide Afrikaner-, Fries-, Ayrshire- en Jerseykoei by voerbakke wat 20 m van mekaar en ongeveer 20 m vanaf en ewewydig met die rivier was, gevoer. Die koeie is twee keer per dag (08h00 - 09h00 en 16h00 - 17h00) by die voerbakke ge= voer. Vyf opeenvolgende vangste, met tussenposes van 'n kwartier, is op elk van die koeie deur vier persone met suigbuise gemaak. Al die diere is reeds 15 minute voor= dat bogenoemde periodes 'n aanvang geneem het, vasgemaak. In elke geval is ge= monster totdat geen simuliede meer gevind kon word nie. Dieselfde persoon het ge= durende die uurlikse periode by al vier verskillende diere vangste gemaak en die vier verskillende rasse is elke keer by 'n ander voerbak vasgemaak. Simuliede wat stil bly sit het tydens versameling, is beskou as dié wat gevoed het.

Om die moontlike skade van simulied-aanvalle op beeste te bepaal is ses twee jaar oue Jerseyverse toegelaat om gedurende September tot Maart 1970 in 'n weikamp wat aan die rivier grens, te wei. Die verse is elke aand uitwendig ondersoek en enige waar= neembare verandering soos, bv., die afval van 'n speen is aangeteken.

Om die invloed van simulied-aanvalle op die eierproduksie van hoenders te bepaal, is 30 henne (3 groepe van 10 elk) in batterye naby die rivier geplaas vir periodes van drie weke op 'n keer. Deurgaans is 'n Leghorn x Australorp kruising gebruik en daar is net van henne in produksie gebruik gemaak. Gedurende die eerste week van die eksperiment is die battery met 300 maas gaasdraad toegemaak sodat <u>S. nigritarsis</u> nie die battery kon binnedring nie. Gedurende die tweede week is die gaasdraad om die eerste groep van 10 henne gehou as kontrole terwyl die gaasdraad om die orige twee groepe verwyder is. Die derde week is al drie groepe henne weer toegemaak met die gaasdraad. Vir elk van die herhalings is 'n ander groep henne gebruik. Elke hen in elke groep is afsonderlik gemerk (1 tot 10) en die eierproduksie is dienoor= eenkomstig aangeteken.

Gedurende dié eksperiment is ook vasgestel of simulied-aanvalle enige effek op voed=

selinname gehad het. Dit is gedoen deur die lêmeelmassa wat deur 10 henne per week verbruik is, te bepaal. Die lêmeel wat elke dag in die voerbakke gegooi is, is vir elke groep van 10 henne geweeg. Dié wat aan die einde van die week oorge= bly het, is weer geweeg en afgetrek van die totale hoeveelheid.

Om die radius van voorkoms van volwasse S. damnosum te kon bepaal, is elke keer vier bewegende valle weerskante op 0,5 km afstande loodreg weg van die rivier af aangebring tot op 'n afstand van 6 km (d. w. s. daar was weerskante van die rivier twaalf versamelpunte en 4 valle per versamelpunt). Die vangste per val is daagliks vir 14 dae aangeteken. Die eksperiment is drie keer per voorkomsseisoen vir elk van die drie voorkomsseisoene gedoen.

Die terme "dag" en "nag" word herhaaldelik hierna gebruik. "Dag" is beskou as die periode vanaf 06h00 tot 18h00 en "nag" as die periode vanaf 18h00 tot 06h00.

Beide aktiwiteit en bevolkingsdigtheid by die volwassenes is vergelyk met verskeie weerkundige gegewens wat tegelykertyd gemeet is. Voor die aanvang van elke ekspe= riment is alle apparaat behoorlik ingestel om sodoende maksimum doeltreffendheid te verseker. Al die weerkundige apparaat is saamgegroepeer op ongeveer dieselfde afstand van die rivier as die valle en ongeveer 50 m suid daarvan.

Lugtemperatuur, relatiewe humiditeit en barometriese druk is aangeteken met 'n meteorograaf in 'n Stevenson-skerm. Ligintensiteit is gemeet met 'n Kipp-Zoonen polarigraaf. Vir die bepaling van windsnelheid en windrigting is 'n Wilhelmi-Lamprecht anemograaf gebruik. Daar is aangeneem dat die rivier noord-suid vloei en die windmeter is so geplaas dat wanneer die rigtingarm noord aangedui het, dit parallel met die rivier is.

Beide aktiwiteit en ontpopping, by die onvolwasse stadia, is gekorreleer met weerkun=

dige gegewens en verskeie fisiese en chemiese eienskappe van die water. Dieselfde voorsorg is hier met die apparaat getref om maksimum doeltreffendheid te verseker as wat die geval met die apparaat by die volwassenes was.

Watertemperatuur is gemeet deur 'n afstandstermograaf in 'n Stevenson-skerm wat langs die uitkeerkanaal in die Waterwerke geplaas is. 'n Outomatiese Southern suurstofregistreerder is gebruik om die opgeloste suurstof-konsentrasie in die rivier te meet. Die turbiditeit is bepaal met 'n Helige turbidigraaf en die konduktiwiteit met 'n Kotz outomatiese konduktiwiteitsregistreerder. Vir die bepaling van stroomsnel= heid is 'n outomatiese Ott stroomvloeiregistreerder gebruik en ligintensiteit is ge= meet met 'n Zeiss onderwater outomatiese ligmeter. Alle metings met bogenoemde apparaat is op 'n diepte van 8 sm onder die wateroppervlak gedoen.

## 3. PERIODES VAN WAARNEMING

Steenkamp (1965) het aangetoon dat groot getalle simuliede alleenlik gedurende die periode September-Maart in die Parys-omgewing voorkom en alle waarnemings is tydens drie sodanige "voorkomsseisoene" (1968 - 1969, 1969 - 1970 en 1970 - 1971) gedoen.

Waarnemings is gemaak tydens vier periodes in elk van die voorkomsseisoene - "waarnemingsperiodes". Die eerste waarnemingsperiode is gekies toe daar meer nuwe papies gevorm is as wat daar volwassenes van drie stroomvloeimeters (p. 8) ontsnap het. Die middelste twee waarnemingsperiodes was gedurende tye toe groot getalle simuliede teenwoordig was, d. i. , periodes toe gemiddeld meer as 100 vol= wassenes per dag van drie stroomvloeimeters ontsnap het. Die laaste waarnemings= periode is gekies toe meer volwasse simuliede van die stroomvloeimeters ontsnap het as wat daar nuwe papies gevorm is.

Drie eksperimente is tydens elke waarnemingsperiode gedoen en elke eksperiment het 72 uur geduur (d. w. s. drie opeenvolgende dae en nagte). Dié prosedure was ge= volg omdat aangeneem is dat daar nie binne so 'n relatief kort periode groot skomme= linge van 'n natuurlike aard in die grootte van die bevolking sou voorkom nie. Gedu= rende hierdie 72-uur is daar uurliks tellings gemaak van die simuliede wat versamel het in kunsmatige valle sodat daar vir elke dag en elke nag 12 tellings was.

Die datums van die onderskeie eksperimente word in Tabel 1 weergegee.

Vir die volwasse S. damnosum is aktiwiteitswaarnemings in die dag gedurende boge= noemde eksperimentele dae gedoen. Die nagwaarnemings is gedurende nagte wat ge= volg het op die eksperimentele dae tydens die 1968 - 1969 voorkomsseisoen gedoen.

Die aktiwiteit van die larwes in die water is oor 24-uurtydperke (d. w. s. dag en nag) gedurende die eksperimentele dae van die 1969 - 1970 voorkomsseisoen bepaal. Die ontpopping van die volwassenes is ook vir 24-uurtydperke tydens die 1970 - 1971 voor= komsseisoen ondersoek.

Vir die bepaling van die bevolkingsdigtheid van die volwassenes en larwes oor die drie voorkomsseisoene is die volwassenes en larwes wat gedurende 24-uurtydperke (d. w. s. dag en nag) in kunsmatige valle versamel is as maatstaf gebruik. Die totale getal vol= wasse simuliede en larwes wat versamel is tydens die aktiwiteitswaarnemings oor 24 uur is as totale vangs vir die digtheidsbepaling gebruik vir die dae wanneer die aktiwiteitswaarnemings gedoen is.

## 4. STATISTIESE ONTLEDING

Soos reeds bespreek, is van die veronderstelling uitgegaan dat veral weerstoestande en sekere fisiese en chemiese faktore van die rivierwater 'n invloed op die variasie in getalle sou hê. Om die invloed kwantitatief te kan bepaal, is besluit om liniêre regres=

TABEL 1. DATUMS VAN AKTIWITEITSWAARNEMINGS

| VOORKOMSSEISOEN | WAARNEMINGSPERIODE | EKSPERIMENTELE DAE |
|---|---|---|
| 1968 - 1969 | September - Oktober | 21, 22 en 23 September<br>26, 27 en 28 September<br>3, 4 en 5 Oktober |
| | Oktober - November | 22, 23 en 24 Oktober<br>28, 29 en 30 Oktober<br>8, 9 en 10 November |
| | Desember | 1, 2 en 3 Desember<br>9, 10 en 11 Desember<br>14, 15 en 16 Desember |
| | Januarie - Februarie | 27, 28 en 29 Januarie<br>4, 5 en 6 Februarie<br>12, 13 en 14 Februarie |
| 1969 - 1970 | September | 9, 10 en 11 September<br>14, 15 en 16 September<br>19, 20 en 21 September |
| | Oktober | 5, 6 en 7 Oktober<br>11, 12 en 13 Oktober<br>25, 26 en 27 Oktober |
| | November - Desember | 13, 14 en 15 November<br>28, 29 en 30 November<br>7, 8 en 9 Desember |
| | Maart | 3, 4 en 5 Maart<br>12, 13 en 14 Maart<br>19, 20 en 21 Maart |
| 1970 - 1971 | September - Oktober | 28, 29 en 30 September<br>5, 6 en 7 Oktober<br>11, 12 en 13 Oktober |
| | November | 1, 2 en 3 November<br>7, 8 en 9 November<br>14, 15 en 16 November |
| | November - Desember | 22, 23 en 24 Desember<br>4, 5 en 6 Desember<br>12, 13 en 14 Desember |
| | Februarie - Maart | 18, 19 en 20 Februarie<br>22, 23 en 24 Februarie<br>2, 3 en 4 Maart |

sievlakke op die data te pas aangesien die gebruik van die stapsgewyse regressieteg= niek by biologiese data 'n nuwere ontwikkeling is wat baie groot moontlikhede inhou vir ekologiese werk (Peterson & Steenkamp, 1968; Steenkamp & Auret, 1968 en Andrewartha, 1970). Volgens Taylor (1971) maak dié tegniek dit moontlik om nume= riese waardes aan ekologiese waarnemings te koppel wat 'n belangrike rol sal speel in die formulering van toekomstige oorsaak-gevolg teorieë in lewensstelsels (Clark, et al. , 1968).

Die voor- en nadele, aannames, toepasbaarheid en interpretasie van ekologiese pro= sesse d. m. v. die stapsgewyse regressietegniek is reeds deur verskeie outeurs be= handel (Watt, 1963a; Southwood, 1966; Peterson & Steenkamp, 1968; Steenkamp & Auret, 1968; Andrewartha, 1970; Varley & Gradwell, 1970 en Taylor, 1971) en sal nie hierhaal word nie omdat dit reeds omvangryk in dié publikasies uitgepluis en beredeneer is.

Die statistiese ontleding van die resultate is in oorlegpleging met die Nasionale Na= vorsingsinstituut vir Wiskundige Wetenskappe (W. N. N. R. , Pretoria) gedoen m. b. v. 'n I. B. M. 360 elektroniese rekenaar. 'n Program wat deur Jerry Douglas (nr. BMDP2R stepwiseregression) van die Health Sciences Computing Facility (University of California, Los Angeles) opgestel is in FORTRAN IV, is vir al die regressiebere= keninge gebruik. In dié program word nie net die veranderlikes in die regressie in aanmerking geneem nie maar ook alle moontlike produk- en kwadraat kombinasies van die veranderlikes. 'n Volledige beskrywing en 'n eksemplaar van die program is by die biblioteek Dierkunde Departement, P. U. vir C. H. O. , Potchefstroom ter insae (kode: S10519).

Aangesien daar gedurende sekere waarnemingsperiodes geen simuliede gevang is nie (m. a. w. nulwaarnemings) is 'n vierkantsworteltransformasie van die vorm

$$y = \sqrt{\text{getal} + \frac{3}{8}}$$

op die data uitgevoer (Snedecor, 1966, p. 315).

Die twee veranderlikes, windsnelheid en windrigting, het spesiale aandag geverg. Dit is aangeneem dat beide die veranderlikes 'n invloed op aktiwiteit kon hê maar dat wind wat byvoorbeeld teen 'n baie lae snelheid in 'n sekere rigting waai nie dieselfde invloed sou hê as wind wat in dieselfde rigting teen 'n hoë snelheid sou waai nie. Om hierdie rede is windsnelheid en windrigting beskou as 'n vektor waar windsnelheid die een eienskap was en rigting (grade) die ander een. Die komponente in twee loodregte rigtings is as die nuwe veranderlikes geneem. Dit is aangeneem vir gemaklike instelling van die apparaat dat die valle in 'n reguit lyn ewewydig aan die rivier gestaan het en dat die rivier van noord na suid gevloei het.

As die windrigting byvoorbeeld $25^{\circ}$ was (dit wil sê $25^{\circ}$ oos van suid omdat die $0^{\circ}$, $360^{\circ}$ lyn noord-suid voorgestel het), en die snelheid twee meter per sekonde, dan was die cosinuskomponent gelyk aan $2 \cos 25^{\circ}$ (2 x 0,9063) en die sinuskomponent $2 \sin 25^{\circ}$ (2 x 0,4226).

Die absolute waarde van die cosinuskomponent is gebruik omdat aangeneem is dat wind wat ewewydig met die rivier gewaai het dieselfde invloed op die insekte sou gehad het, ongeag in watter rigting dit gewaai het. Wat die sinuskomponent betref, is die teken van belang omdat 'n wind wat na die valle sou gewaai het 'n positiewe teken sou hê en een weg van die valle af 'n negatiewe teken.

Dus:

$|a \cos \Theta|$ = komponent van die wind in die rigting van die rivier (rigting nie in ag geneem nie)

$a \sin \Theta$ = komponent van die wind loodreg op die rivier, rigting in ag geneem.

Gevolglik, as:

1) a sin $\Theta > 0$, dit die komponent van die wind in 'n noordelike rigting aandui d. w. s. die wind het van wes na oos gewaai.

2) a sin $\Theta < 0$ dit die komponent van die wind in 'n suidelike rigting aandui d. w. s. die wind het van oos na wes gewaai.

## 5. RESULTATE

Die rou gegewens wat versamel is tydens hierdie studie word nie hier weergegee nie maar is by die Departement Dierkunde van die Potchefstroomse Universiteit vir C. H. O. ter insae (verwysings nr. S10529).

## 6. BEREKENINGSRESULTATE

Die statistiek wat opsommenderwys die gegewens wat tydens die ondersoek versa= mel is, saamvat asook die resultate van die statistiese verwerkings wat uitgevoer is om die verband tussen die getalsvariasie en die omgewingsfaktore te formuleer word hieronder weergegee. Slegs die tersake statistieke word in die tabelle weerge= gee terwyl die belangrikste aspekte hiervan in die beskrywings uitgewys word. Tesame met die rou gegewens word die volledige verwerkings in die biblioteek van die Dier= kunde Departement, P. U. vir C. H. O. (kode nr. S10529), bewaar.

### 6. 1 Die invloed van sekere omgewingsfaktore op die aktiwiteit van volwasse simuliede

#### 6. 1. 1 Die aktiwiteit van S. damnosum tydens die dag

Die waarnemings wat met die bewegende valle verkry is, word hieronder ontleed en vergelyk met die omgewingsfaktore.

Die gemiddeldes en die span van 10 368 waarnemings van die vyf verskillende om= gewingsfaktore (temperatuur, relatiewe humiditeit, windsnelheid, windrigting en ligintensiteit) wat gemeet is, is bereken vir elk van die 1968 - 1969, 1969 - 1970 en 1970 - 1971 voorkomsseisoene en word in tabelle 2, 3 en 4 weergegee.

Enkelvoudige korrelasies is tussen die omgewingsfaktore en die getal simuliede bereken en die onderskeie korrelasiekoëffisiënte word in tabelle 5 - 7 weergegee.

Net by ligintensiteit was daar gedurende al twaalf waarnemingsperiodes oor drie voorkomsseisoene 'n hoogsbetekenisvolle korrelasie met die getal simuliede. Hier= uit is dit duidelik dat ligintensiteit verreweg die belangrikste invloed op aktiwiteit gehad het en dat daar oor al drie voorkomsseisoene 'n noue verband tussen die getal= le simuliede en die waarde van ligintensiteit bestaan het. Die teken van die onder= skeie korrelasiekoëffisiënte was in al die gevalle negatief wat daarop dui dat 'n toe= name in ligintensiteit 'n afname in getalle tot gevolg gehad het. Gedurende helder sonskyndae het die waarde van ligintensiteit tot meer as 10 000 lux toegeneem en dit is waargeneem (sien rou gegewens, pp. 1 -24 ) dat indien die ligintensiteitswaarde hoër as 6 200 lux was, die getalle simuliede drasties afgeneem het. 'n Ligintensi= teitswaarde van 6 200 lux kan dus beskou word as die plafonwaarde vir aktiwiteit.

Gedurende die Januarie - Februarie waarnemingsperiode van die 1968 - 1969 voor= komsseisoen was daar 'n hoogs betekenisvolle positiewe korrelasie tussen lugtem= peratuur en die getal simuliede terwyl die korrelasie gedurende die September en Oktober waarnemingsperiodes van die 1969 - 1970 voorkomsseisoen betekenisvol positief was. Gedurende die November - Desember waarnemingsperiodes van die 1969 - 1970 en 1970 - 1971 voorkomsseisoene was die korrelasies hoogs betekenis= vol negatief. Volgens hierdie bevindinge kan temperatuur aktiwiteit dus laat toe- of afneem. Geen simuliede is by 'n temperatuur hoër as 33°C in die bewegende valle gevang nie en gevolglik kan 33°C as die plafonwaarde vir aktiwiteit beskou word.

TABEL 2. DIE GEMIDDELDES EN DIE SPAN TYDENS DIE DAG VAN VYF OMGEWINGSFAKTORE GEDURENDE DIE 1968 - 1969 VOORKOMSSEISOEN (S. damnosum)

| Waarnemingsperiodes | Lugtemperatuur °C | Relatiewe humiditeit % | Windsnelheid \|a Cos Θ\| | Windrigting a Sin Θ | Ligintensiteit lux |
|---|---|---|---|---|---|
| September - Oktober | 22,6989<br>12 – 31 | 52,4442<br>20 – 100 | 0,5091<br>0 – 2,39 | 0,0859<br>-3,57 – 4,40 | 4794,88<br>800 – 9100 |
| Oktober - November | 21,2590<br>13 – 31 | 71,8349<br>30 – 98 | 1,1627<br>0 – 7,87 | -0,0332<br>-2,22 – 1,18 | 4817,11<br>1100 – 10200 |
| Desember | 20,7683<br>15 – 27 | 62,8331<br>30 – 100 | 0,5359<br>0 – 2,06 | 0,2388<br>-1,4 – 3,6 | 4605,99<br>1300 – 10100 |
| Januarie - Februarie | 21,1849<br>12 – 29,5 | 54,6479<br>20 – 90 | 0,58632<br>0 – 4,53 | 0,9393<br>-4,1 – 8,2 | 4259<br>1100 – 9600 |

TABEL 3. DIE GEMIDDELDES EN DIE SPAN TYDENS DIE DAG VAN VYF OMGEWINGSFAKTORE GEDURENDE DIE 1969 - 1970 VOORKOMSSEISOEN (*S. damnosum*)

| Waarnemingsperiodes | Lugtemperatuur °C | Relatiewe humiditeit % | Windsnelheid \|a Cos Θ\| | Windrigting a Sin Θ | Ligintensiteit lux |
|---|---|---|---|---|---|
| September | 20,5090 | 57,5646 | 0,5467 | 0,6622 | 4474 |
| | 12 – 29 | 26 – 90 | 0 – 3,15 | -0,7 – 4,9 | 800 – 9100 |
| Oktober | 23,1109 | 67,2405 | 0,4025 | 0,0995 | 4982 |
| | 12 – 33 | 40 – 100 | 0 – 1,69 | -3,8 – 3,8 | 1700 – 10800 |
| November - Desember | 26,0692 | 54,4535 | 0,4334 | 0,0027 | 4748 |
| | 16 – 35 | 18 – 100 | 0 – 3,35 | -1 – 5,6 | 1300 – 10600 |
| Maart | 21,5044 | 55,8609 | 0,6032 | 0,3855 | 4157 |
| | 12 – 30 | 20 – 95 | 0 – 2,99 | -0,5 – 4,8 | 1200 – 10600 |

TABEL 4. DIE GEMIDDELDES EN DIE SPAN TYDENS DIE DAG VAN VYF OMGEWINGSFAKTORE GEDURENDE DIE 1970 - 1971 VOORKOMSSEISOEN (S. damnosum)

| Waarnemingsperiodes | Lugtemperatuur °C | Relatiewe humiditeit % | Windsnelheid \|a Cos Θ\| | Windrigting a\|Sin Θ | Ligintensiteit lux |
|---|---|---|---|---|---|
| September - Oktober | 19,4998<br>12 – 26 | 57,5183<br>28 – 100 | 0,5749<br>0 – 3,9 | 0,6183<br>-1,5 – 4,8 | 3990<br>700 – 9100 |
| November | 21,9257<br>12 – 31 | 62,2222<br>20 – 100 | 0,3869<br>0 – 4,13 | 0,5837<br>-0,1 – 5,2 | 3836<br>500 – 10200 |
| November - Desember | 29,8701<br>19 – 37 | 50,4164<br>20 – 100 | 0,2393<br>0 – 1,97 | -0,4294<br>-5,1 – 0,2 | 4931<br>1200 – 10600 |
| Februarie - Maart | 20,0645<br>11 – 29 | 48,6109<br>20 – 100 | 0,3299<br>0 – 1,4 | 0,6542<br>-0,3 – 5,2 | 4552<br>1200 – 10100 |

TABEL 5. DIE KORRELASIEKOëFFISIëNTE TUSSEN SEKERE OMGEWINGSFAKTORE EN DIE GETAL SIMULIEDE TYDENS DIE WAARNEMINGSPERIODES VAN DIE 1968 - 1969 VOORKOMSSEISOEN. DAG WAARNEMINGS - S. damnosum

| Waarnemings= periodes | Enkelvoudige korrelasies r | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Lugtemperatuur °C | Relatiewe humiditeit % | Windsnelheid \|a Cos Θ\| | Windrigting a Sin Θ | Ligintensiteit lux |
| September - Oktober | -0,1362 | 0,0264 | 0,0339 | 0,0704 | -0,2992** |
| Oktober - November | 0,1738 | -0,1406 | -0,4540** | 0,4317** | -0,3449** |
| Desember | 0,1391 | 0,0729 | 0,14004 | -0,2333* | -0,4995** |
| Januarie - Februarie | 0,2624** | 0,2676** | 0,15838 | -0,3279** | -0,5923** |

** Betekenisvol by 1% peil (Hoogs betekenisvol)
* Betekenisvol by 5% peil (Betekenisvol)

TABEL 6. DIE KORRELASIEKOËFFISIËNTE TUSSEN SEKERE OMGEWINGSFAKTORE EN DIE GETAL SIMULIEDE TYDENS DIE WAARNEMINGSPERIODES VAN DIE 1969 - 1970 VOORKOMSSEISOEN. DAG WAARNEMINGS - S. damnosum

| Waarnemings=periodes | Enkelvoudige korrelasies r | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Lugtemperatuur $^{o}C$ | Relatiewe humiditeit % | Windsnelheid $\lvert a \cos \Theta \rvert$ | Windrigting $a \sin \Theta$ | Ligintensiteit lux |
| September | 0,2367* | 0,4244** | -0,2321** | -0,1285 | -0,2476** |
| Oktober | 0,2087* | -0,0847 | -0,0552 | -0,3665** | -0,6381** |
| November - Desember | -0,2959** | 0,2399* | -0,1288 | -0,1661 | -0,5050** |
| Maart | 0,1650 | 0,3558** | -0,3383** | -0,2307* | -0,5083** |

** Betekenisvol by 1% peil (Hoogs betekenisvol)
* Betekenisvol by 5% peil (Betekenisvol)

TABEL 7. DIE KORRELASIEKOëFFISIëNTE TUSSEN SEKERE OMGEWINGSFAKTORE EN DIE GETAL SIMULIEDE TYDENS DIE WAARNEMINGSPERIODES VAN DIE 1970 - 1971 VOORKOMSSEISOEN.
DAG WAARNEMINGS - S. damnosum

| Waarnemings=periodes | Enkelvoudige korrelasies r | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Lugtemperatuur °C | Relatiewe humiditeit % | Windsnelheid \|a Cos Θ\| | Windrigting a Sin Θ | Ligintensiteit lux |
| September - Oktober | 0,3216** | -0,0267 | -0,1144 | -0,2689** | -0,3921** |
| November | 0,1615 | -0,0284 | -0,2543** | -0,3768** | -0,4667** |
| November - Desember | -0,5977** | 0,1939* | 0,18427 | 0,2181* | -0,5068** |
| Januarie - Februarie | 0,1143 | -0,0290 | 0,0851 | -0,1226 | -0,4702** |

** Betekenisvol by 1% peil (Hoogs betekenisvol)
* Betekenisvol by 5% peil (Betekenisvol)

Gedurende al twaalf waarnemingsperiodes is geen simuliede by 'n temperatuur laer as 12$^{o}$C gevang nie wat dus as die drumpelwaarde van aktiwiteit aanvaar kan word.

Wat relatiewe humiditeit aanbetref, was daar gedurende drie waarnemingsperiodes (Januarie - Februarie 1968 - 1969 en September en Maart van die 1969 - 1970 voor= komsseisoen) hoogs betekenisvolle positiewe korrelasies terwyl die korrelasies ge= durende die November - Desember waarnemingsperiodes van die 1969 - 1970 en 1970 - 1971 voorkomsseisoene betekenisvol positief was. Geen simuliede is versa= mel by 'n humiditeit van 98% of hoër nie, en dié humiditeit kan dus as die plafonwaarde van aktiwiteit beskou word. Ook is waargeneem dat geen simuliede versamel is by humiditeite van minder as 35% nie wat as die drumpelwaarde van aktiwiteit beskou kan word.

Soos reeds bespreek, kon windsnelheid en windrigting nie geskei word nie aangesien die een as 'n komponent van die ander beskou is. Al drie hoogs betekenisvolle en een betekenisvolle korrelasie tussen windsnelheid en getalle was negatief (d. w. s. 'n hoë windsnelheid het 'n nadelige effek op getalle en dit is opmerklik dat by 'n wind= snelheid van hoër as 3,2 m/sek (d. i. die plafonwaarde) alle aktiwiteit ge= staak is.

Wat windrigting betref, was daar 'n hoogs betekenisvolle positiewe korrelasie tussen windrigting en getalle gedurende die Oktober - November waarnemingsperiode van die 1968 - 1969 voorkomsseisoen asook 'n betekenisvolle positiewe korrelasie gedu= rende die November - Desember waarnemingsperiode van die 1970 - 1971 voorkoms= seisoen. In beide gevalle was die teken van die gemiddelde windrigtingwaarde negatief (tabelle 2 en 4). Omdat windrigting = a sin $\Theta$, dui 'n groot waarde in dié geval nie alleen op 'n hoë windsnelheid nie maar die waarde word ook bepaal deur die hoek (in grade) van die windrigting. Omdat sin $0^{o} = 0$ en sin $90^{o} = 1$, kan gesien word dat 'n

wind wat die $0^{o}$ - $180^{o}$ lyn volg, 'n laer windrigtingwaarde sal gee as een wat by= voorbeeld die $90^{o}$ - $270^{o}$ lyn volg as die wind in beide gevalle teen dieselfde snel= heid sou waai. Daar is verduidelik (sien Statistiese ontledings) dat as a sin $\Theta > 0$ die wind van wes na oos gewaai het. Gevolglik dui bg. twee negatiewe gemiddelde windrigtingwaardes dus 'n wind aan wat van oos na wes gewaai het (d. w. s. 'n wind wat na die valle toe gewaai het) en daar kan dus afgelei word dat hoe hoër die waarde van windrigting was, hoe meer simuliede versamel sou word (albei korrela= siekoëffisiënte was positief).

Gedurende al die ander waarnemingsperiodes waar 'n hoogs betekenisvolle negatiewe korrelasie (Januarie - Februarie in die 1968 - 1969 voorkomsseisoen, Oktober in die 1969 - 1970 voorkomsseisoen en September - Oktober asook November in die 1970 - 1971 voorkomsseisoen) en 'n betekenisvolle negatiewe korrelasie (Desember in die 1968 - 1969 voorkomsseisoen en Maart in die 1969 - 1970 voorkomsseisoen) tus= sen windrigting en getalle gevind word, is die teken van die gemiddelde windrigting= waarde positief. Die wind het dus in dié gevalle van wes na oos gewaai (dus weg van die valle af). 'n Negatiewe korrelasie dui dus aan dat hoe meer die wind van die valle af weg gewaai het, hoe minder simuliede is gevang.

| | 08h15 | 1 | 0 | 0 | 1 |
| | 08h30 | 0 | 3 | 0 | 0 |
| | 08h45 | 0 | 2 | 6 | 0 |
| | 09h00 | 0 | 0 | 0 | 3 |
| | 16h00 | 4 | 4 | 8 | 1 |
| | 16h15 | 2 | 11 | 7 | 38 |
| | 16h30 | 3 | 14 | 3 | 19 |
| | 16h45 | 1 | 6 | 2 | 8 |
| | 17h00 | 6 | 2 | 9 | 18 |
| 29 Januarie 1968 | 08h00 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | 08h15 | 0 | 0 | 1 | 0 |
| | 08h30 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | 08h45 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | 09h00 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | 16h00 | 0 | 2 | 0 | 2 |
| | 16h15 | 0 | 0 | 4 | 3 |
| | 16h30 | 0 | 1 | 1 | 6 |
| | 16h45 | 0 | 3 | 2 | 0 |
| | 17h00 | 2 | 0 | 1 | 3 |
| TOTAAL | | 63 | 112 | 133 | 207 |

TABEL 53. VARIANSIE ANALISE VAN DIE AANTAL SIMULIEDE WAT VERSAMEL IS OP VIER VERSKILLENDE BEESRASSE

| Bron van variasie | Vryheidsgrade | Som van kwadrate | Gemid. kwad. | F |
|---|---|---|---|---|
| Rasse | 3 | 1358 | 452. 67 | 69. 75** |
| Periodes | 29 | 2602 | 89. 70 | |
| Fout | 87 | 565 | 6. 49 | |
| Totaal | 119 | 4525 | | |

## 6.7 Die invloed van simulied-aanvalle op hoenders

### 6.7.1 Die invloed van simulied-aanvalle op eierproduksie

Die aantal eiers wat deur drie groepe van 10 henne elk per week oor drie verskil=lende periodes gelê is, word in tabel 54 weergegee. Gedurende die hele periode was die batterye toegemaak met gaasdraad om die hoenders te vrywaar van simulied-aanvalle behalwe gedurende die tweede week toe simuliede die tweede en derde groep henne kon aanval.

Toetsing is gedoen om vas te stel of daar 'n betekenisvolle verskil tussen eierpro=duksie van die beskermde en onbeskermde henne is. 'n Betekenisvolle t-waarde van 4,06 is verkry. Simulied-aanvalle veroorsaak dus 'n afname in eierproduksie. Hier=die afname is 8 eiers minder vir elke tien henne per week.

Die voedselinname is ook tydens hierdie eksperiment gemeet en word in tabel 55 weer=gegee.

Die verkreë t-waarde van 3 458 dui 'n betekenisvolle afname in voedselinname aan.

## 6.8 Die effektiwiteit van die afweermiddel

Geen simuliede is op 'n totaal van 117 koeie, wat met die afweermiddel behandel is, gevang nie terwyl, op 26 onbehandelde koeie terselfdertyd 'n gemiddeld van 233 si=muliede per dag gevang. Die middel is dus effektief.

## 6.9 Die radius van voorkoms van S. damnosum

Drie tweeweeklikse eksperimente tydens elke voorkomsseisoen het aangetoon dat vol=

TABEL 54. DIE INVLOED VAN SIMULIED-AANVALLE OP DIE AANTAL EIERS GELê DEUR DRIE GROEPE VAN 10 HENNE ELK PER WEEK OOR DRIE VERSKILLENDE PERIODES

| Tyd | Groep | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|
| 2 - 23 Oktober 1969 | 1 | 72 | 71 | 70 |
| | 2 | 71 | 59 | 68 |
| | 3 | 71 | 61 | 69 |
| 1 - 22 November 1969 | 1 | 71 | 70 | 71 |
| | 2 | 70 | 64 | 69 |
| | 3 | 70 | 62 | 70 |
| 1 - 22 Desember 1969 | 1 | 71 | 70 | 71 |
| | 2 | 70 | 63 | 70 |
| | 3 | 71 | 66 | 70 |
| Totale | | 637 | 586 | 628 |

TABEL 55. DIE INVLOED VAN AANVALLE VAN <u>S. nigritarsis</u> OP DIE AANTAL kg LêMEEL GEVOER AAN DRIE GROEPE VAN TIEN HENNE ELK OOR DRIE HERHALINGS VAN DRIE OPEENVOLGENDE WEKE

| | | WEKE | | |
|---|---|---|---|---|
| Tyd | Groep | 1 | 2 | 3 |
| 2 - 23 Oktober 1969 | 1 | 5,9 | 5,4 | 5,4 |
| | 2 | 5,6 | 4,5 | 5,4 |
| | 3 | 6,1 | 4,7 | 5,5 |
| 1 - 22 November 1969 | 1 | 6,4 | 6,5 | 6,5 |
| | 2 | 6,4 | 5,4 | 6,2 |
| | 3 | 6,3 | 4,7 | 5,9 |
| 1 - 22 Desember 1969 | 1 | 5,7 | 5,9 | 6,4 |
| | 2 | 5,9 | 4,1 | 5,4 |
| | 3 | 5,4 | 5,0 | 5,4 |

wasse S. damnosum nie verder as 1-1,5 km vanaf die rivier voorgekom het nie. Die bevinding is dus dat die simuliede nie verder as ongeveer 1 km weerskante vanaf 'n broeiplek sal voorkom nie.

## 7. DIE VERKLARING VAN SIMULIEDAKTIWITEIT AAN DIE HAND VAN VERSKEIE OMGEWINGSFAKTORE

Die werk van Morris (1959, 1963), Varley & Gradwell (1960, 1963), Watt (1959, 1961, 1962, 1963a, 1963b, 1964a, 1964b), Neilson & Morris (1964), Steenkamp (1965), Clark et al (1968), Peterson & Steenkamp (1968) en Steenkamp & Auret (1968) het die noodsaaklikheid uitgewys dat 'n verfyning in statistiese tegnieke asook baie waarne= mings oor 'n lang termyn 'n voorvereiste is vir die suksesvolle aanwending van regressietegnieke in bevolkingsdinamika.

Hierdie voorvereiste word deur Taylor (1971) en Hugo (1972 - persoonlike mededeling) ondersteun en hulle werk het baie bygedra tot die verfyning van die regressietegniek vir toepassing op ekologiese data. Albei outeurs kom tot die slotsom dat wanneer regressies vir die verklaring van ekologiese verskynsels gebruik word, eerstens, geen afleidings van die data gemaak kan word as die waarnemings nie oor meer as een jaar gedoen is nie (verkieslik drie of meer jare om herhalings van seisoene moontlik te maak), tweedens dat elke berekende regressievergelyking op minstens 1 000 waarnemings gebaseer moet word, derdens, geen afleidings van resultate ge= maak kan word as die berekende R-waardes (sien Snedecor, 1966, p. 420) nie rela= tief groot verskille toon nie (d. i. daar moet nie op die eksakte getalswaarde gelet word nie maar veel eerder op die neiging), en laastens, die berekende regressiever= gelykings moet in die praktyk getoets en ge-evalueer word en die akkuraatheid van voorspellings moet as toets vir die geslaagdheid van die ondersoek dien.

Volgens Snedecor (1966) moet die waarde van $100R^2$ (meervoudige regressie) groter

wees as 80% om betroubare afleidings te kan maak. Met ekologiese data is dit nie altyd moontlik om sulke hoë R-waardes in die veld te kry nie (Taylor, 1971). Uit ietwat kleiner waardes ($100R^2 = 70\%$) kan egter in die meeste gevalle nog betroubare afleidings gemaak word (Taylor, 1971, Peterson, 1972). Voorwaardes wat dus in statistiek vereis word is soos dikwels die geval is, nie altyd verantwoordbaar in ekologiese ondersoeke nie.

In die onderhawige studie is deurentyd beter R-waardes verkry (d. w. s. meer van die getalsvariasie in die regressie kon verklaar word) tydens die studie in die water as tydens die ondersoek op land (vergelyk bv. tabelle 11 - 13 met tabelle 30 en 35). Ruttner het hierdie verskynsel alreeds in 1965 verwag.

Die totale variasie wat in elke regressie verklaar kan word, kan groot verskille toon afhangende of enkelvoudige faktore of kombinasies van die faktore in die regressie in aanmerking geneem word. Byvoorbeeld, tydens die September - Oktober (1968 - 1969) waarnemingsperiode verklaar die enkelvoudige faktore in die regressie 11% terwyl kwadrate en produkte van hierdie faktore 69% verklaar (tabel 11a). In die praktyk kom dit daarop neer dat die gesamentlike invloed van lig en temperatuur, bv. , groter be= heer oor die voorkoms van simuliede uitoefen as die individuele invloed van elk.

In die onderhawige studie moet duidelik onderskei word tussen liniêre regressies, meervoudige regressies en polinomiese regressies van die tweedegraad. Vir die berekening van regressievergelykings wat vir voorspellings gebruik sal word is deur= gaans van meervoudige regressies gebruik gemaak. Om die neiging van die wissel= werking aan te dui is van liniêre regressies gebruik gemaak, bv. , in fig. 4, dui die helling van die liniêre regressielyn vir ligintensiteit aan dat toenemende ligintensiteit 'n afname in getalle tot gevolg gehad het. Die polinomiese regressie daarenteen, is 'n verfyning wat aandui dat met toenemende ligintensiteit aanvanklik 'n toename (tot by 4 200 lux) in simuliedgetalle en daarna 'n afname tot gevolg het. In hierdie spesifieke

geval was die simuliede dus op hulle aktiefste tydens 4 200 lux (optimum ligintensiteit).

By 'n internasionale kongres van die Wêreld Gesondheidsorganisasie in Genéve (W. H. O., 1965) is herhaaldelik gewys op die baie tekortkomings van simuliedmon= steringstegnieke. Tot op dié stadium is hoofsaaklik van mense as lokaas gebruik ge= maak. Alle simuliede wat kom sit het, is versamel (die sg. "Flies per boy-hour"-teg= niek). Dié metode van monstering is veral in Afrika baie populêr maar word ook dik= wels in ander wêrelddele gebruik (Dalmat, 1965). Die meeste van die kennis wat inge= win is oor die gedrag en verspreiding van die Simuliidae is dan ook d. m. v. hierdie monsteringstegniek bekom (Crosskey, 1958; McMahon et al., 1958; Lewis, 1960; Lewis et al., 1961; Davies et al., 1962; Le Berre et al., 1964; Lewis 1965; Ovazza et al., 1965a; 1965b; Le Berre, 1966). Die nadele van hierdie versamelingstegniek is voor die hand liggend.

Muirhead-Thomson (1968) het by die bespreking van die literatuur oor simuliede die gebruik van 'n betroubare versamelingstegniek as mikpunt gestel voordat verdere eko= logiese werk gedoen kan word. Die valle wat vir versameling in my studie gebruik is het nie alleen 'n goeie beraming van werklike getalle gegee nie (p. 101) maar was ook effektief genoeg vir kwantitatiewe berekenings soos blyk uit die hoë persentasie van die variasie wat in die regressies verklaar kon word (pp. 30 - 35).

Vir versameling in die dag is van bewegende valle gebruik gemaak wat in die lig van die bespreking hierbo as 'n deurbraak beskou kan word in ekologiese ondersoeke van S. damnosum. Nie alleen het genoemde valle 'n ware aanduiding van werklike aan= valle op beeste gegee nie (p. 101) maar ook was die aanvanklike vervaardiging en in= standhouding eenvoudig. In teenstelling met wat verwag is volgens die werk van Fredeen (1961) en Lamontellerie (1963, 1967) is beide mannetjies en wyfies van S. damnosum in die bewegende valle versamel. 'n Aanduiding van die aktiwiteit van wyfies wat 'n prooi soek (d. i. aanvalsaktiwiteit) om bloed te suig is dus nie verkry

nie (soos waar mense as lokmiddel gebruik is nie - Lewis, 1960) maar 'n aanduiding van die geheelaktiwiteit van die S. damnosum bevolking is verkry.

Aangesien S. damnosum net tydens die dag 'n plaag op beeste is, is algemeen aanvaar dat hulle nie gedurende die nag aktief is nie (Davies & Williams, 1962). Ligvalle het egter aangetoon dat S. damnosum wel snags in groot getalle versamel kan word alhoe=wel die bewegende valle snags geen simuliede gevang het nie. Dit blyk dus dat aktiwi=teit (d. w. s. die aantal simuliede wat by 'n spesifieke punt voorkom) nie bedags en snags deur dieselfde monsteringsmetode bepaal kan word nie.

Simulium nigritarsis daarenteen kon glad nie gedurende die dag versamel of op hoen=ders gevind word nie wat ooreenkom met die bevinding van Skaife (1938) naamlik dat hulle net snags aktief is. Suigvalle het snags 'n goeie beraming van die aktiwiteit van die bevolking gegee (p. 101). Williams het reeds in 1965 op die belangrikheid van suigval=le gewys aangesien dit volgens hom individue sal vang wat nie deur prooi of lig gelok word nie. 'n Suigval het altyd meer volgroeide S. nigritarsis gevang as wat op 'n hoen=der gedurende dieselfde periode versamel kon word.

Al die valle wat gebruik is het die voordeel dat hulle vir lang ononderbroke periodes in werking gehou kon word met min moeite en feitlik geen onderhoud nie. Gevolglik kon oor 'n periode van vier jaar versamel word en dus so voldoen word aan die vereis=te wat hierbo genoem is - versamelings oor 'n lang periode.

Wat opvallend was by die aktiwiteitstudie van S. damnosum in die dag is die oorheer=sende effek van ligintensiteit (tabelle 11 - 13) toe ligintensiteit tot meer as 40% (tabel 12a) van die getalsvariasie verklaar het en gemiddeld 22% van al die variasie oor twaalf aktiwiteitwaarnemingsperiodes verklaar is.

Geen simuliede is ooit by 'n ligintensiteitswaarde van hoër as 6 200 lux op beeste aangetref nie, wat die praktiese implikasie het dat beeste toegelaat kan word om in

simulied-besmette gebiede te wei gedurende helder sonskynperiodes sonder die gevaar van simulied-aanvalle. Soos reeds aangetoon, het S. damnosum snags nooit op beeste voorgekom nie alhoewel hulle in ligvalle versamel is. Snags is geen simuliede versa= mel by ligintensiteitswaardes van minder as 20 lux nie en daar kan dus afgelei word dat S. damnosum net by ligintensiteitswaardes van 20 - 6 200 lux aktief sal wees. Bogenoemde toon 'n ooreenkoms met die werk van Breev (1950) en Ussova (1964) met ander simuliedspesies in Rusland wat ook gevind het dat ligintensiteit die be= langrikste faktor is wat aktiwiteit beïnvloed. Volgens genoemde outeurs kom die Russiese simuliede slegs by ligintensiteitswaardes van 30 - 11 000 lux voor.

Die feit dat S. damnosum nie by ligintensiteite van hoër as 6 200 lux voorkom nie bied waarskynlik 'n verklaring vir sogenaamde piekperiodes van aktiwiteit (Lewis, 1960, Ovazza et al., 1965a; Steenkamp, 1965). Gedurende helder sonskyndae is die ligintensiteitswaarde gewoonlik van 10h00 tot 14h30 te hoog vir simuliedaktiwiteit en daarom word piekperiodes van aktiwiteit soggens en smiddae aangetref.

Gedurende al twaalf aktiwiteitswaarnemingsperiodes het die liniêre regressies aange= toon dat 'n toename in ligintensiteit 'n afname in getalle tot gevolg gehad het (figure 4 - 15). Die polinomiese regressielyn van die tweedegraad het in 8 uit die 12 gevalle 'n beter passing van die gegewens gegee, d. w. s. $100R^2$ was groter as die liniêre regressielyn (figure 4, 5, 7, 8, 10, 12, 14 en 15). In al dié gevalle was daar 'n aanvanklike getalstoename met toenemende ligintensiteit gevolg deur 'n afname in getalle met 'n verdere toename in ligintensiteit. Die draaipunt van die krommes wissel vanaf 3 000 - 4 500 lux wat daarop dui dat die optimum ligintensiteit vir aktiwiteit van S. damnosum in die dag by hierdie waardes lê. In figure 6, 9 en 11 het die liniêre- en polinomiese regressielyn van die tweedegraad feitlik eweveel van die getalsvariasie verklaar ($R^2$ het baie min verskil) en dié regressiekrommes verloop dan ook eenders in genoemde figure. In al dié gevalle was ligintensiteit oor lang periodes hoër as die optimum-waardes. Die krommes vergelyk dus met daar= die deel van bg. regressies nadat optimum toestande bereik is. Figuur 13 dui daarop

dat tydens die Oktober waarnemingsperiode van die 1969 - 1970 voorkomsseisoen die verband tussen ligintensiteit en getalle nie dieselfde as tydens die ander waar= nemingsperiodes was nie. In die geval dui die polinomiese regressiekromme aan dat 'n toename in ligintensiteit 'n toename in getalle tot gevolg gehad het. Gedurende dié periode was die gemiddelde ligintensiteit nie alleen laag nie (3 886 lux) maar ook is die laagste waarde (500 lux) vir al die waarnemingsperiodes hier waargeneem (tabel 4). Die span van die waarnemings is dus nie wyd genoeg nie en in hierdie geval word 'n beeld soos voor die bereiking van die optimum ligintensiteit weerspieël.

Die invloed van ligintensiteit snags (tabelle 20a en 20b) was merkbaar kleiner as die invloed tydens die dag (tabelle 11 - 13) omdat deurgaans minder van die getalsvariasie verklaar kon word (d. w. s. $100R^2$ was snags kleiner). Die liniêre regressielyn dui aan dat 'n toename in ligintensiteit in al die gevalle 'n toename in getalle tot gevolg gehad het (figure 16 - 19). Genoemde waarneming word deur die polinomiese regres= sielyne bevestig (figure 16 - 19). In al die gevalle het ligintensiteit nooit 'n waarde hoër as 530 lux (tabel 17) bereik nie m. a. w. al die waarnemings lê in 'n gebied wat ver onder die optimumwaardes is - vandaar die getalstoename met toenemende lig= intensiteit.

Uit hierdie waarnemings is dit dus duidelik dat simuliedaktiwiteit van 20 lux af sal toeneem met toenemende ligintensiteit tot by 'n optimumwaarde van 3 000 - 4 000 lux waarna dit sal afneem en by 6 200 lux gestaak word. Aangesien S. damnosum nie beeste snags aanval nie, kan besmette gebiede dus snags met veiligheid bewei word asook gedurende helder sonskynperiodes (ligintensiteite bo 6 200 lux).

Naas ligintensiteit het temperatuur die grootste bydrae tot die verklaring van die getalsvariasie gedurende die dag gemaak toe gemiddeld meer as 11% van die ge= talsvariasie oor twaalf waarnemingsperiodes deur temperatuur verklaar is. Ge= durende die November - Desember waarnemingsperiode van die 1970 - 1971 voor= komsseisoen het temperatuur byna 40% (tabel 13b) van die totale getalsvariasie in die

regressie verklaar.

Geen simuliede is ooit by temperature laer as 12$^{o}$C of hoër as 33$^{o}$C aangetref nie wat as die drumpel- en plafonwaardes beskou kan word en wat aansienlik verskil van die waar= des van Ussova (1964) vir Russiese spesies. Volgens dié outeur kom simuliede voor by temperature van 7,5 - 27$^{o}$C en is die optimum temperatuur tussen 15 - 24$^{o}$C.

Volgens die berekende liniêre regressielyne kan 'n styging in temperatuur getalle laat af- of toeneem (figure 4 - 15). In figure 4, 10 en 14 het 'n toename in tempera= tuur 'n afname in getalle tot gevolg gehad en hierdie waarnemingsperiodes was onder= skeidelik toe die gemiddelde temperature vir elke voorkomsseisoen die hoogste waar= des bereik het (September - Oktober, 1968 - 1969 - tabel 2, November - Desember, 1969 - 1970 - tabel 3 en November - Desember, 1970 - 1971 - tabel 3). Gedurende al die ander periodes (figure 5 - 9, 11 - 13) het 'n toename in temperatuur 'n toename in getalle tot gevolg gehad. Wisselende temperature kan getalle dus volgens aandui= dings deur die liniêre regressies laat toe- of afneem. 'n Nadere beskouing van die gegewens met meer verfynde tegnieke (tweedegraadse polinomiese regressie) dui egter deurgaans eers 'n toename in getalle met toenemende temperatuur en daarna 'n afname in getalle aan (figure 4 - 15) met die draaipunte tussen 17$^{o}$C en 23$^{o}$C wat dus as die optimum temperature vir aktiwiteit beskou kan word.

Snags het die polinomiese sowel as die liniêre regressielyne aangetoon dat 'n toena= me in temperatuur 'n toename in getalle tot gevolg sal hê (figure 16 - 19). Gedurende dié periodes was temperature laer as die optimumwaardes - vandaar die getalstoe= name met toenemende temperatuur.

Simulium damnosum sal dus alleenlik in plaaggetalle voorkom by temperature van 12$^{o}$C tot 33$^{o}$C. Met 'n temperatuurstoename sal aktiwiteit toeneem vanaf 12$^{o}$C tot 'n optimum waarde tussen 15$^{o}$C tot 24$^{o}$C en daarna afneem totdat daar by waardes hoër as 33$^{o}$C geen simuliede meer gevind sal word nie.

Verskeie outeurs (Davies, 1952; Edmund, 1952; Igarashi, 1960; Ussova, 1961) het temperatuur as die belangrikste faktor by simuliedaktiwiteit beskou maar in die lig van die bevindings i. v. m. ligintensiteit in die onderhawige studie kan die uit= spraak van genoemde outeurs betwyfel word.

Netsoos by temperatuur, dui die liniêre regressielyn by relatiewe humiditeit aan dat wisseling in humiditeit getalle kan laat toe- of afneem (figure 4 - 19). Ook soos by temperatuur, toon die polinomiese regressies deurgaans eers 'n toename in ge= talle met 'n toename in humiditeit en daarna 'n afname in getalle met 'n toename in humiditeit (figure 4 - 19). Die draaipunt was tussen 50% en 80% wat dus as die optimum humiditeit vir aktiwiteit beskou kan word. Geen simuliede is waargeneem by humidi= teite laer as 35% of hoër as 98% nie wat ook verskil met die waarnemings van Ussova (1964) wat 17% en 97% as die drumpel- en plafongrense stel. Gedurende die Februarie - Maart waarnemingsperiode van die 1970 - 1971 voorkomsseisoen het humiditeit byna 16% (tabel 13b) tot die totale variasie in die regressie bygedra wat toon dat humiditeit 'n belangrike invloed op aktiwiteit het. Bogenoemde is in teenstelling met die waar= nemings van Thornthwaite (1940), Berzina (1953, 1957), Igarashi (1960), Ussova (1961, 1964) wat verklaar dat humiditeit geen effek op simuliedaktiwiteit het nie. Underhill (1940), Davies (1952) en Wolfe & Peterson (1960) beskou humiditeit as belangrik mits dit tussen 40% en 80% is. My resultate ondersteun dié waarnemings.

Alhoewel die invloed van windsnelheid en windrigting oor die algemeen klein was (bedags en snags) kan beide aktiwiteit laat toe- of afneem soos afgelei kan word uit die liniêre regressielyne in figure 4 - 19. By die polinomiese regressies (figure 4, 6 - 8, 11, 12 en 15) was daar aanvanklik 'n toename in getalle met 'n toename in windsnelheid en windrigting en daarna 'n afname in getalle met 'n toename in wind= snelheid en windrigting. Daarenteen was daar by windsnelheid in figure 9, 14 en 16 aanvanklik 'n afname in getalle met 'n toename in windsnelheid en later 'n toename in windsnelheid met 'n toename in getalle. In figure 5, 13, 18 en 19 lê die liniêre- en polinomiese regressielyne na aan mekaar en hulle $R^2$-waardes is feitlik ewegroot.

Hierdie oënskynlike teenstelling moet gesoek word in die kombinering van die wind=snelheid en windrigting (p. 16 ) want die een is afhanklik van die ander. Windsnelheid het geen effek op simuliedaktiwiteit gehad as die wind net lig waai nie maar by snel=hede van meer as 3,2 meter per sekonde is alle aktiwiteit gestaak. Volgens Jones & Richey (1956) se waarnemings in die V. S. A. word alle aktiwiteit by 2,2 meter per sekonde gestaak. Windrigting is alleen belangrik waar dit simuliede in die rigting van, of weg van 'n bepaalde punt waai. Afhangende van die windrigting mag aktiwiteit dus in sekere gebiede nadelig beïnvloed word (waar die simuliede weggewaai sal word) terwyl dit groter aktiwiteit in 'n ander gebied tot gevolg mag hê.

Die werking van al dié faktore in kombinasie word deur die meervoudige regressie=vergelykings weergegee (tabelle 8 - 10) en word aan die hand van die September - Ok=tober waarnemingsperiode van die 1970 - 1971 voorkomsseisoen (tabel 10) verduide=lik.

$$\sqrt{\text{getalle simuliede} + \frac{3}{8}} = (2,1 \text{ x temperatuur}) + (0,3 \text{ x humiditeit})$$
$$+ (14 \text{ x a sin } \Theta) + 0,0029 \ (|\text{a cos } \Theta| \text{ x ligintensiteit})$$
$$- 0,56 \ (\text{temperatuur x a sin } \Theta) - 0,0026 \ (\text{temperatuur x ligintensiteit}).$$
$$- 0,002 \ (\text{humiditeit})^2 - 0,04 \ (\text{humiditeit x a sin } \Theta)$$
$$- 0,00001 \ (\text{humiditeit x ligintensiteit}) - 0,6 \ (\text{a cos } \Theta|)^2 - 1(|\text{a cos } \Theta| \text{ x a sin } \Theta) +$$
$$+ 0,0002 \ (|\text{a cos } \Theta| \text{ x ligintensiteit})$$
$$- 1(\text{a sin } \Theta)^2 + 0,0005 \ (\text{a sin } \Theta \text{ x ligintensiteit})$$
$$-0,0000001 \ (\text{ligintensiteit})^2 - 40,604$$

(waar a = windsnelheid en Θ = windrigting)

Hieruit is dit duidelik dat die simuliedgetalle 'n funksie is van die kwadraat van die som van ongeveer tweemaal die heersende temperature, een derde maal die humidi=teit, ,14 x (windsnelheid en windrigting kombinasie) plus .......................

minus die konstante (40,6). Die transformasie faktor van drie-agstes (p. 16) moet dan ten laaste hiervan afgetrek word om die getal simuliede te verkry.

Uit hierdie formule kan byvoorbeeld, die proporsionele verband van die onderskeie faktore soos volg bereken word:

Gestel dat temperatuur = $20^{o}$C, humiditeit = 60%, windsnelheid = 1/sek. = a, windrigting = $90^{o}$ = Θ en ligintensiteit = 4 000 lux, dan is die bydrae vir

| | |
|---|---|
| temperatuur | = 2,1 x 20 = 42,7 |
| humiditeit | = 0,35 x 60 = 21,3 |
| a sin Θ | = 14 x 1 = 14,0 |
| ligintensiteit | = 0,0058 x 4 000 = 23,2 |
| temperatuur x a sin Θ | = -0,56 (20 x 1) = -11,3 |
| temperatuur x ligintensiteit | = -0,00026 (20 x 4 000) = -21,1 |
| $humiditeit^2$ | = $-0,002 \times (60)^2$ = -7,5 |
| humiditeit x a sin Θ | = -0,049 x 60 x 1 = -2,9 |
| humiditeit x ligintensiteit | = -0,00001 (60 x 4 000) = -2,6 |
| $(\mid a \cos \Theta \mid)^2$ | = -0,675 x 0 = 0 |
| $\mid a \cos \Theta \mid$ x a sin Θ | = -1 x 0 = 0 |
| $\mid a \cos \Theta \mid$ x ligintensiteit | = 0,0002 x 0 = 0 |
| $(a \sin \Theta)^2$ | = -1 x 1 = -1,1 |
| a sin Θ x ligintensiteit | = 0,0005 (1 x 4 000) = 2,2 |
| $ligintensiteit^2$ | = -0,00000019 x 4 000 = -3,2 |
| konstante | = -40,6 |
| totaal | = 13,15 |
| dus: simuliedgetalle | = $13^2 - \frac{3}{8} = 172,8 - \frac{3}{8} = 172,5 \approx 173$ |

Wat die aktiwiteit van S. nigritansis betref, het relatiewe humiditeit gemiddeld die meeste bygedra (12%) tot die verklaring van die getalsvariasie in die regressies

(tabel 25a en 25b). Gedurende al vier waarnemingsperiodes het die liniêre regressie=lyn aangetoon dat 'n toename in humiditeit 'n toename in aktiwiteit tot gevolg sal hê (figure 20 - 23). Die polinomiese regressies wys egter dat daar 'n aanvanklike toe=name in aktiwiteit met 'n toename in humiditeit en daarna 'n afname in aktiwiteit met 'n verdere toename in humiditeit bestaan (figure 20 - 23). Die draaipunt was tussen 60% en 80% wat as die optimum humiditeit vir aktiwiteit beskou kan word. Geen si=muliede is waargeneem by humiditeite van minder as 35% nie (wat ooreenkom met die waarnemings by S. damnosum) maar is dikwels by humiditeite van 100% waarge=neem (in teenstelling met S. damnosum wat nooit by humiditeite van meer as 98% aangetref is nie).

Naas humiditeit was temperatuur die belangrikste faktor wat 'n invloed op aktiwiteit gehad het en het gemiddeld 9% van die getalsvariasie oor die vier waarnemingsperiodes verklaar. Gedurende die Desember-waarnemingsperiode van die 1968 - 1969 voorkoms=seisoen (tabel 25b) het temperatuur byna 27% van die totale getalsvariasie verklaar. Die liniêre regressielyne in figure 20, 21 en 22 dui aan dat 'n getalstoename met toe=nemende temperatuur gevolg het terwyl die liniêre regressielyn in figuur 24 feitlik parallel met die x-as verloop en nie op 'n getalstoename of afname dui nie. Die poli=nomiese regressiekrommes (figure 21, 22 en 23) dui 'n getalstoename aan met toe=nemende temperatuur tot by 'n optimumwaarde van 18°C tot 22°C waarna getalle af=neem. In figuur 20 dui die polinomiese regressiekromme alleenlik 'n getalstoename met toenemende temperatuur aan omdat temperature laer was gedurende die periode (tabel 22, September - Oktober) as die optimum waardes. Simulium nigritarsis kom nie voor by temperature van minder as 12°C nie (wat ooreenkom met S. damnosum). Aktiwiteit neem toe met toenemende temperatuur tot by 'n optimumwaarde van 18°C tot 22°C (wat dus 'n nouer verdraagsaamheidspan as die van S. damnosum is) waarna die aktiwiteit afneem met toenemende temperatuur. 'n Plafonwaarde vir tem=peratuur waarby alle aktiwiteit gestaak word kon nie bepaal word nie omdat tempera=ture snags nooit hoër as 28°C gestyg het nie.

Die effek van ligintensiteit op aktiwiteit is interessant omdat geen S. nigritarsis aangetref kon word by intensiteite van meer as 320 lux nie. Simulium nigritarsis het voorgekom van 0 - 320 lux wat radikaal verskil met S. damnosum (20 - 6 200 lux). Bogenoemde bied dan ook 'n verklaring waarom S. nigritarsis net snags 'n plaag op pluimvee is.

In figure 21, 22 en 23 toon die liniêre regressielyn dat getalle afgeneem het met toe= nemende ligintensiteit. Toe die gemiddelde ligintensiteit laag was (September - Ok= tober waarnemingsperiode - tabel 22), was die neiging omgekeerd (figuur 20) en kan aangeneem word dat die optimumwaardes (wat tussen 180 en 220 lux lê volgens die polinomiese regressies - figure 20, 21 en 22) nie bereik is nie. Die polinomiese regressies in figure 20, 21 en 22 toon dat toenemende ligintensiteit aktiwiteit dus laat toeneem tot die optimumwaardes (180 - 22 lux) en dan sal laat afneem totdat alle aktiwiteit by 320 lux gestaak sal word.

Alhoewel die bydrae van windsnelheid en windrigting tot die verklaring van die ge= talsvariasie in die regressie klein was, dui die liniêre- sowel as die polinomiese regressielyne daarop dat windsnelheid en windrigting aktiwiteit kan laat toe- of af= neem (figure 20 - 25). Nooit het S. nigritarsis voorgekom by 'n windsnelheid van meer as 5 meter per sekonde nie terwyl die effek van windrigting soortgelyk was as wat by S. damnosum waargeneem is.

Die resultate toon dat die volwassenes van S. damnosum en S. nigritarsis verskil het t. o. v. al die omgewingsfaktore. Ook het dit duidelik geword waarom S. nigritarsis net snags en S. damnosum bedags en snags voorgekom het - eersgenoemde spesie het net voorgekom by ligintensiteite van 0 - 320 lux terwyl S. damnosum by ligintensiteite van 20 - 6 200 lux versamel kon word. Nooit het S. nigritarsis voorgekom by 'n windsnelheid van meer as 5 m/sek nie (3, 2 m/sek by S. damnosum). Ook het S. nigritarsis voorgekom by humiditeite van 35 - 100% (35% - 98% by S. damnosum).

Tydens die studie van die aktiwiteit (getalsveranderings) van larwes van S. damnosum het watertemperatuur, stroomsnelheid en opgeloste suurstof die grootste invloed op getalle uitgeoefen hoewel die ander gemete omgewingsfaktore ook almal 'n rol gespeel het (tabel 30a en 30b).

In figure 25 - 27 toon die linière regressielyn dat daar 'n getalsafname was met toe= nemende watertemperatuur terwyl die omgekeerde waar is in fig. 24. Gedurende laasgenoemde periode was die gemiddelde watertemperatuur die laagste vir al vier waarnemingsperiodes (tabel 27 - September waarnemingsperiode). Die polinomiese regressielyn bevestig die uitspraak van die linière regressielyn in figure 24 en 26 maar, in figure 25 en 27 toon die polinomiese regressielyn 'n getalstoename met toenemende temperatuur tot by ongeveer $18^{o}C$ - $22^{o}C$ onderskeidelik en daarna 'n getalsafname met toenemende temperatuur. Geen larwes kon gevind word by tem= perature laer as $15^{o}C$ nie. Freeman & De Meillon (1953), Crisp (1959) en Ussova (1961) beweer dat watertemperatuur geen rol by larfaktiwiteit speel nie en voer die rede aan dat die larwes oor 'n groot temperatuur aanpasbaarheid beskik. My resultate, soos hierbo uiteengesit, toon wel 'n beherende invloed deur temperatuur alhoewel die neiging nie altyd dieselfde was nie (vgl. fig. 24 en 26).

Wat stroomsnelheid betref, toon die linière regressies (figure 24, 26 en 27) dat larfgetalle afneem met toenemende stroomsnelheid terwyl die omgekeerde waar is in fig. 25. Die polinomiese regressies daarenteen, dui op 'n aanvanklike afname in larfgetalle met toenemende stroomsnelheid en dan 'n toename in getalle met toe= nemende stroomsnelheid met die draaipunt tussen 1,2 tot 1,6 m/sek. Geen simu= liedlarwes kon gevind word by stroomsnelhede van meer as 3,2 m/sek of minder as 0,4 m/sek nie wat as die plafon- en drumpelwaarde onderskeidelik beskou kan word. Larfgetalle toon dus 'n afname met toenemende stroomsnelheid van 0,4 m/sek tot by die draaipunt (1,2 - 1,6 m/sek) en daarna 'n toename in getalle tot 3,2 m/sek waarna geen larwes meer gevind kon word nie. Na verwagting sal toenemende stroom=

snelheid 'n getalsafname veroorsaak deurdat die larwes weggespoel sal word (Newstead et al., 1907, Wu, 1931; Goulding & Deonier, 1950; Phillipson, 1956, 1957 en Ussova, 1964). Petersen (1924), Puri (1925) en Hubault (1927) verklaar dat stroomsnelheid geen effek op aktiwiteit het nie. My resultate dui dus nie net dat stroomsnelheid die aktiwiteit beïnvloed nie maar dat die aard van die beheer onver=wags en op die stadium onverklaarbaar is.

In figure 24 - 27 toon al die liniêre regressies by suurstof dat getalle sal toeneem met toenemende suurstof en dit word deur die polinomiese regressies bevestig. Geen larwes kon gevind word by waardes laer as twee mg/l nie en dit kan as die drumpelwaar=de aanvaar word.

Die liniêre regressielyne by konduktiwiteit (figure 24 - 27) toon dat 'n toename in kon=duktiwiteit altyd 'n afname in larfgetalle tot gevolg sal hê en dit word deur die polino=miese regressielyne in fig. 26 en 27 bevestig. In figure 24 en 25 toon die polinomiese regressielyne dat larfgetalle aanvanklik sal toeneem met toenemende konduktiwiteit tot by draaipunt (380 - 420 $\mu$S) en daarna afneem met toenemende konduktiwiteit tot=dat geen larwes by waardes hoër as 800 $\mu$S aangetref word nie.

Turbiditeit kan 'n groot invloed op larfgetalle hê soos die resultate toon wat in fig. 24 en 25 ingesluit is. Beide die liniêre en polinomiese regressielyne dui aan dat met toe=nemende turbiditeit larfgetalle drasties sal afneem. In figure 26 en 27 toon die liniêre regressielyne dieselfde effek maar die polinomiese regressies dui aan dat larfgetalle eers 'n afname toon met toenemende turbiditeit tot by 50 - 70 mg/l $SiO_2$ en daarna 'n toename. Die waarde van genoemde bevinding in die lig dat $100R^2$ slegs ongeveer 4% van die variasie verklaar terwyl eersgenoemde gevalle ongeveer 50% verklaar is egter minder belangrik en kan nagelaat word. Geen larwes is by meer as 100 mg/l $SiO_2$ ge=vind nie. Die groot invloed van turbiditeit is ook gerapporteer deur Ruttner (1952), Ussova (1958) en Cariaso (1962) met ander simuliedspesies.

Volgens die liniêre regressielyne het 'n toename in ligintensiteit altyd 'n toename in larfgetalle tot gevolg gehad (figure 24 - 27) en die polinomiese regressiekromme bevestig hierdie neiging. Sover bekend is dit die eerste keer dat die invloed van ligintensiteit op larfaktiwiteit gedemonstreer word.

Wat die aktiwiteit van larwes van S. nigritarsis betref, is die groot invloed wat opgeloste suurstof op larfgetalle kan hê, opvallend. Gedurende die September waar=nemingsperiode van die 1969 - 1970 voorkomsseisoen (tabel 35a) het opgeloste suur=stof meer as 83% van die totale variasie in die regressie verklaar. Gedurende dié periode het suurstofwaardes skerp gedaal, tot so min as 2,5 mg/l (tabel 32). Geen larwes van S. nigritarsis kon gevind word by suurstofwaardes van minder as 4 mg/l nie wat daarop dui dat dalende suurstofwaardes larwes van S. nigritarsis gouer sal beïnvloed as larwes van S. damnosum (waar 2 mg/l die laagste waarde was waar S. damnosum larwes aangetref kon word). In figure 28 en 29 dui die liniêre regressie=lyne daarop dat met toenemende suurstofwaardes daar 'n toename in larfgetalle sal wees. Die polinomiese regressies daarenteen, dui op 'n aanvanklike toename in larf=getalle met toenemende suurstof tot by 'n draaipunt (7 - 9 mg/l) en daarna 'n afname in larfgetalle met toenemende suurstofwaardes. Gedurende die November - Desember en Maart waarnemingsperiodes (figure 30 en 31) was die gemiddelde suurstofwaardes aansienlik hoër (tabel 32) en die liniêre regressielyne dui op 'n getalsafname met toe=nemende suurstof d.w.s. dit kan aanvaar word dat dié gevalle toestande illustreer bokant die sg. draaipuntwaarde. In fig. 30 bevestig die polinomiese regressielyn die waarneming.

In figure 28 - 31 dui al die liniêre regressielyne op 'n getalsafname met toenemende konduktiwiteit. Die polinomiese regressies van twee van die waarnemingsperiodes (figure 28 en 29) dui op 'n aanvanklike toename van larfgetalle met toenemende kon=duktiwiteit tot by die draaipunt (420 - 480 µS) waarna 'n getalsafname met verdere toenemende konduktiwiteit volg. Die polinomiese regressies dui in die ander twee ge=

valle (figure 30 en 31) op 'n klein invloed op larfgetalle ($R^2$ is klein) en geen afleiding kan gemaak word nie. Die optimum konduktiwiteit vir larwes van S. nigritarsis is dus hoër as by S. damnosum (waar dit tussen 380 en 420 $\mu$S was).

Die liniêre regressies by watertemperatuur (figuur 28 - 31) toon dat toenemende water= temperatuur getalle kan laat toe- (fig. 30 en 31) of afneem (fig. 28 en 29). Die polino= miese regressiekrommes dui in figure 28 en 30 en 31 aan dat larfgetalle aanvanklik toeneem met toenemende temperatuur tot by 'n draaipunt (18 - 23 $^{o}$C) en daarna af= neem met toenemende temperatuur. Geen larwes kon gevind word by temperature laer as 13 $^{o}$C nie wat as die drumpelwaarde aanvaar kan word. Larwes van S. nigritarsis is dus meer verdraagsaam vir laer temperature as larwes van S. damnosum omdat laasgenoemde nooit by temperature laer as 15 $^{o}$C gevind is nie.

Beide die liniêre en polinomiese regressielyne toon dat met toenemende turbiditeit larfgetalle sal afneem (figure 28 - 31). Geen larwes kon gevind word by turbiditeite van meer as 90 mg/l $SiO_2$ nie en dit verskil met die plafonwaarde vir larwes van S. damnosum (100 mg/l $SiO_2$).

In figure 28 - 31 toon al die liniêre regressielyne dat larfgetalle afneem met toene= mende stroomsnelheid en in twee gevalle (figure 28 en 29) bevestig die polinomiese regressiekrommes dié neiging. Toe stroomsnelhede van meer as 3 m/sek dikwels bereik is (die November - Desember en Maart waarnemingsperiodes - tabel 32) het die polinomiese regressiekrommes in figure 30 en 31 'n aanvanklike toename in larfgetalle met toenemende stroomsnelheid aangedui tot by 'n draaipunt (1,2 - 1,6 m/sek. - wat dieselfde is as by S. damnosum) en daarna 'n afname in getalle met toenemende stroomsnelheid totdat geen larwes by stroomsnelhede van meer as 2,5 m/sek gevind kon word nie. Larwes van S. damnosum kan dus in hoër stroom= snelhede voorkom as larwes van S. nigritarsis.

Die liniêre regressielyne in figure 28 - 31 toon aan dat met toenemende ligintensiteit

getalle sal afneem. Daarenteen dui die polinomiese regressiekrommes aan dat larf= getalle sal afneem met toenemende ligintensiteit tot by die draaipunt (300 - 450 lux) en daarna weer sal toeneem met toenemende ligintensiteit. Dieselfde neiging is by S. damnosum waargeneem behalwe dat die draaipunt waarby die getalsafname om= swaai in 'n getalstoename vir dié spesie tussen 80 en 150 lux lê.

Wat opmerklik is, is dat die gedrag van larwes van S. damnosum en S. nigritarsis radikaal verskil t.o.v. hulle reaksie op die gemete faktore. Larwes van S. nigritarsis het by laer temperature voorgekom ($13^{o}C$) as larwes van S. damnosum ($15^{o}C$) en ook is meer larwes van S. nigritarsis by hoër ligintensiteit (300 - 450 lux) aangetref as larwes van S. damnosum (80 - 150 lux). Larwes van S. nigritarsis was meer gevoe= lig vir al die ander faktore en het nie voorgekom by stroomsnelhede van meer as 2,5 m/sek nie (3,2 m/sek vir S. damnosum), by suurstofwaardes van minder as 4 mg/l nie (2 mg/l vir S. damnosum), by konduktiwiteitswaardes van minder as 640 µS nie (800 µS vir S. damnosum) en by turbiditeitswaardes van 90 mg/l $SiO_2$ nie (100 mg/l $SiO_2$ vir S. damnosum). Bogenoemde verskille bied klaarblyklik die verklaring waarom S. nigritarsis nooit in sulke groot getalle as S. damnosum voor= gekom het nie (sien getalsdigtheid p. 98). Ook het larwes van S. nigritarsis altyd voor larwes van S. damnosum hulle verskyning aan die begin van 'n seisoen in die ri= vier gemaak - klaarblyklik omdat hulle by laer temperature kan uitbroei en ontwikkel.

By die ontpopping van papies van S. damnosum het ligintensiteit 'n baie groot rol ge= speel en tot meer as 73% van die totale variasie verklaar (tabel 40b). Die liniêre sowel as die polinomiese regressielyne in figure 32 - 35 toon dat 'n toename in lig= intensiteit altyd 'n toename in getalle tot gevolg sal hê. Geen papies het ontpop by 'n ligintensiteit van laer as 80 lux nie wat as die drumpelwaarde vir ontpopping beskou kan word. Sover bekend is dit die eerste keer dat die invloed van ligintensiteit op ontpopping kwantitatief gemeet en gedemonstreer is.

Opgeloste suurstof was naas ligintensiteit die belangrikste faktor wat ontpopping beïn=

vloed het (tabel 40a en 40b). In figure 32 - 35 toon beide die liniêre en polinomiese re= gressielyne dat met toenemende opgeloste suurstof getalle sal toeneem. Geen papies het ontpop by suurstofwaardes van minder as 4 mg/l nie wat as die drumpelwaarde vir ontpopping aanvaar kan word. Ook in dié geval is dit sover bekend die eerste keer dat die invloed van opgeloste suurstof op ontpopping bepaal is.

In figure 32, 33 en 35 toon die liniêre regressielyne dat met toenemende watertem= peratuur ontpopping sal toeneem maar in fig. 34 word op die omgekeerde gedui. Ge= durende dié periode was die gemiddelde watertemperatuur die hoogste vir al die waarnemingsperiodes (die November - Desember waarnemingsperiode - tabel 37). In figuur 32 bevestig die polinomiese regressielyn die bevinding van die liniêre regressielyne in figure 32, 33 en 35 nl. dat 'n toename in watertemperatuur 'n toe= name in ontpopping tot gevolg sal hê. Die polinomiese regressielyne in figure 33, 34 en 35 toon 'n aanvanklike getalstoename met temperatuur tot by 'n draaipunt (20 - 22 $^{o}$C) en daarna 'n afname in getalle met toenemende temperatuur. Omdat geen papies ontpop het by temperature laer as 16 $^{o}$C nie kan aanvaar word dat ontpopping sal toeneem vanaf 16 $^{o}$C tot by 'n optimum wat strek vanaf 20 - 22 $^{o}$C en daarna weer sal afneem. Baranov het solank terug as 1936 daarop gewys dat hoë lug- en watertem= perature noodsaaklik vir ontpopping is, en dit is verbasend dat geen latere werk hier= oor, sover aan my bekend, gedoen is nie.

Die invloed van barometriese druk was baie drasties soos van die hellings van die liniêre en polinomiese regressielyne (figure 32 - 35) afgelei kan word. Al die regres= sielyne toon dat met toenemende druk, getalle drasties afgeneem het. Die bevindings hang nou saam met veldwaarnemings, nl., net voordat dit reën (d. i. tydens 'n daling in barometriese druk) 'n groot aantal imago's uit die water ontsnap het. Baranov (1936) het gevind dat wanneer die watervlak daal (m. a w. as die druk op die papies verminder word) groot getalle papies ontpop het.

In figure 32 - 35 toon die liniêre regressielyne dat met 'n toename in stroomsnel= heid 'n afname in getalle sal volg. Die verband is egter nie 'n vermindering in ont= popping nie maar die meesleuring van ontvlugtende imagos a. g. v. die sterker vloeiende water. Slegs in fig. 33 bevestig die polinomiese regressielyn die bevindings wat met die liniêre regressielyne verkry is. In figure 32, 34 en 35 toon die polinomiese regressielyne 'n aanvanklike getalsafname en daarna 'n getalstoename met toene= mende stroomsnelheid. Dit kom ooreen met die effek wat stroomsnelheid op die lar= wes van S. damnosum gehad het en ook hier kan daar nie 'n verklaring vir die ver= skynsel aangebied word nie (p. 127). Geen ontpopping kon aangetoon word by stroom= snelhede van meer as 1,8 m/sek nie wat as die plafonwaarde aanvaar kan word.

Die verband tussen windsnelheid en ontpopping is ook ondersoek. Windsnelheid be= invloed ontpopping deurdat dit die golwe op die water aansienlik kan vergroot waar= deur die ontsnapping van volgroeides bemoeilik of selfs onmoontlik gemaak kan word. Toe die gemiddelde windsnelheid laag was (tabel 37 - September - Oktober waarne= mingsperiode) was daar feitlik geen effek op getalle nie soos in figuur 32 gesien kan word by die liniêre regressielyn. By 'n hoër gemiddelde windsnelheid het die liniêre regressielyne 'n getalsafname met toenemende windsnelheid aangedui (figure 33, 34 en 35). In figure 32 en 33 dui die polinomiese regressiekrommes op 'n aanvanklike getalstoename en dan weer 'n getalsafname met toenemende windsnelheid maar min waarde kan hieraan geheg word omdat $R^2$ in albei gevalle baie klein was. Geen ont= popping het by 'n windspoed van meer as 3 m/sek voorgekom nie. Die belangrikheid van windsnelheid as 'n faktor wat ontpopping van Plecoptera, Ephemeroptera en Trichoptera beïnvloed is deur Gledhill (1960) benadruk en uit bogenoemde werk kan simuliede tot dié lys gevoeg word.

Wat ontpopping by S. nigritarsis betref, het barometriese druk ook hier 'n belang= rike invloed uitgeoefen want byna 45% van die totale variasie in 'n regressie kon deur barometriese druk verklaar word (tabel 45a). Die liniêre en die polinomiese regressielyne toon in al dié gevalle dat 'n getalsafname sal volg met 'n toename in druk

(figure 36 - 39). Die bevinding hang baie nou saam met wat by die ontpopping van S. damnosum gevind is en barometriese druk het dus 'n baie groot invloed op die ontpopping van beide die spesies.

In figure 36 en 37 toon die liniêre regressielyne dat met toenemende watertemperatuur getalle sal toeneem en in figuur 37 word die neiging deur die polinomiese regressielyn bevestig. Toe die gemiddelde watertemperatuur meer as 21°C was (die November - Desember en Februarie - Maart waarnemingsperiodes - tabel 42) het die liniêre regressielyne 'n afname in getalle met toenemende watertemperatuur getoon (figure 38 en 39) en die neiging word in fig. 39 deur die polinomiese regressielyn bevestig. In figure 36 en 38 toon die polinomiese regressiekrommes dat met toenemende tem= peratuur 'n aanvanklike getalstoename voorkom (tot by 18 - 22°C) en daarna 'n ge= talsafname. Omdat geen papies ontpop het by temperature laer as 12°C nie (dit is die drumpelwaarde) kan aanvaar word dat ontpopping sal toeneem vanaf 12°C tot by 'n optimum van 18 - 22°C en daarna weer sal afneem. Die drumpelwaarde by ontpop= ping vir S. damnosum was 16°C wat aanmerklik verskil met dié van S. nigritarsis.

Die liniêre regressielyne toon in figure 36 - 38 dat getalle sal toeneem met toenemende suurstof terwyl die liniêre regressielyn in figuur 39 geen effek op getalle aantoon nie. Daarenteen toon al die polinomiese regressielyne (figure 36 - 39) dat getalle aan= vanklik toeneem met toenemende suurstof (tot by 6 - 8 mg/l) met 'n afname daarna. Geen papies het ontpop by suurstofwaardes van minder as 6 mg/l nie wat verskil met die drumpelwaarde van S. damnosum waar dit 4 mg/l was. In teenstelling kan geen optimum suurstofwaarde vir S. damnosum uitgesonder word nie.

In figure 36 - 39 toon al die liniêre regressielyne dat met toenemende stroomsnel= heid getalle sal afneem en in figure 36, 38 en 39 bevestig die polinomiese regressie= lyne die neiging. In figuur 37 toon die polinomiese regressielyn aanvanklik 'n afname en dan 'n geringe toename met toenemende stroomsnelheid maar in die geval was $R^2$ baie klein en geen waarde kan hieraan geheg word nie. Geen ontpopping kon waar=

geneem word by stroomsnelhede van meer as 2 m/sek nie wat verskil met die plafon=waarde by S. damnosum (1,8 m/sek).

Volgens die liniêre regressielyne in figure 36 - 39 het 'n toenemende windsnelheid 'n getalsafname tot gevolg gehad en die neiging word in tabelle 36 - 38 deur die poli=nomiese regressielyne bevestig. In figuur 39 toon die polinomiese regressielyn 'n aanvanklike getalstoename met toenemende windsnelheid en daarna 'n getalsafname. Die draaipunt is tussen 1,2 - 1,6 m/sek (d. i. die optimumwaarde vir windsnelheid) en geen ontpopping kon aangetoon word by 'n windsnelheid van meer as 3,4 m/sek nie. Weereens, in teenstelling, kon geen optimumwaarde vir S. damnosum aangetoon word nie en in dié geval was die plafonwaarde vir windsnelheid 3 m/sek.

In figuur 36 toon die liniêre regressielyn dat met toenemende ligintensiteit getalle sal toeneem. Gedurende dié periode was die gemiddelde ligintensiteit die laagste vir al vier waarnemingsperiodes (tabel 42). Toe die gemiddelde ligintensiteit hoër was het die liniêre regressielyn 'n getalsafname met toenemende ligintensiteit getoon (figure 37 - 39) en die polinomiese regressie in figuur 38 bevestig die neiging. In figure 36, 37 en 39 toon die polinomiese regressiekrommes dat met toenemende ligintensi=teit getalle aanvanklik sal toeneem tot by 220 - 260 lux en daarna sal afneem. Ontpop=ping by S. nigritarsis het voorgekom toe geen ligmeterlesing verkry kon word nie m. a. w. daar kan aanvaar word dat ontpopping sal toeneem van 0 lux totdat 'n opti=mum van 220 - 260 lux bereik is en daarna sal 'n afname in getalle voorkom. Die in=vloed van ligintensiteit by S. nigritarsis verskil dus aansienlik met wat by S. damnosum gevind is. Geen optimumwaarde kon by S. damnosum waargeneem word nie en ook kon geen ontpopping by ligintensiteite van minder as 80 lux aangetoon word nie.

Ook wat ontpopping betref, het daar groot verskille t. o. v. die invloed van sekere om=gewingskomponente tussen S. damnosum en S. nigritarsis bestaan. Net by barome=

triese druk het dieselfde waardes dieselfde invloed by albei spesies gehad nl. dat 'n skielike daling in druk ontpopping sal laat toeneem. Wat die invloed van stroomsnel= heid en windsnelheid betref, kon imagos van S. nigritarsis in beide gevalle by hoër snelhede daarin slaag om uit die water te ontsnap as wat by S. damnosum die geval was. Ontpopping het by S. damnosum alleenlik by ligintensiteite van meer as 80 lux voorgekom terwyl ontpopping by S. nigritarsis in stikdonker (0 lux) plaasgevind het wat weereens benadruk dat dit 'n nagspesie is. By suurstofwaardes van minder as 4 mg/l is ontpopping by S. damnosum gestaak terwyl die drumpelwaarde 6 mg/l vir S. nigritarsis was. Ook in die geval (net soos by larfaktiwiteit) was S. nigritarsis in staat om laer temperature te weerstaan toe papies nie by temperature van minder as 12°C ontpop het nie in vergelyking met 16°C by S. nigritarsis.

Die drumpel- en plafonwaardes vir die volwasse en onvolwasse stadia van S. damnosum en S. nigritarsis wat tydens die ondersoek bepaal kon word, word op= sommenderwys in tabel 56 weergegee.

Die sukses van die huidige ondersoek kan geverifieer word deur die voorkoms van si= muliedgetalle in 'n spesifieke lokaliteit op 'n bepaalde tyd te voorspel m. b. v. die verkreë meervoudige regressievergelykings en om dan die berekende voorspelde getalle te vergelyk met die werklike getalle wat op beeste in die lokaliteit voorkom (p. 114). Die resultate van my ondersoek is gevolglik op hierdie wyse aan toetsing onderwerp.

Toetsings is in twee lokaliteite gedoen. Die een op die oewers van die Vaalrivier by Parys (met 5 beeste) en die ander by die Oranjerivier in die omgewing van Norvals= pont (met 4 beeste). Simuliede kom in groot getalle by albei lokaliteite voor. Volgens my resultate beheer temperatuur, relatiewe humiditeit, windsnelheid en -rigting en ligintensiteit die teenwoordigheid van volgroeide simuliede in 'n bepaalde lokaliteit. Eenmalige metings van hierdie omgewingsfaktore en substitusie in die twaalf meer=

TABEL 56. DIE DRUMPEL- EN PLAFONWAARDES VIR DIE VOLWASSE EN ON= VOLWASSE STADIA VAN *S. damnosum* EN *S. nigritarsis*, WAT TYDENS DIE ONDERSOEK BEPAAL KON WORD

| Verdraagsaamheidsgrense van volwassenes | | |
|---|---|---|
| Omgewingsfaktor | *S. damnosum* | *S. nigritarsis* |
| Temperatuur °C | 12 - 33 | 12 - |
| Relatiewe humiditeit % | 35 - 98 | 35 - 100 |
| Windsnelheid m/sek | - 3,2 | - 5 |
| Ligintensiteit lux | 20 - 6 200 | 0 - 320 |

| Verdraagsaamheidsgrense van larwes | | |
|---|---|---|
| Omgewingsfaktor | *S. damnosum* | *S. nigritarsis* |
| Watertemperatuur °C | 15 - | 13 - |
| Stroomsnelheid m/sek | 0,4 - 3,2 | - 2,5 |
| Opgeloste suurstof mg/l | 2 - | 4 - |
| Konduktiwiteit µS | - 800 | - 640 |
| Turbiditeit mg/l $SiO_2$ | - 100 | - 90 |
| Ligintensiteit lux | 80 - 150 | 300 - 450 |

| Verdraagsaamheidsgrense vir Ontpopping | | |
|---|---|---|
| Omgewingsfaktor | *S. damnosum* | *S. nigritarsis* |
| Watertemperatuur °C | 16 - 24 | 12 - 22 |
| Stroomsnelheid m/sek | - 1,8 | - 2 |
| Windsnelheid m/sek | - 3 | - 3,4 |
| Opgeloste suurstof mg/l | 4 - | 6 - |
| Ligintensiteit lux | 80 - | 0 - |

voudige regressievergelykings (tabelle 8 - 10) is uurliks by die toetslokaliteite gedoen (tabel 57 en 58). 'n Verwagte simuliedgetal is uit elk van die twaalf regressieverge= lykings verkry en 'n gemiddelde simuliedgetal is hiervan bereken wat dan gebruik is as die voorspelde getal vir daardie lokaliteit vir daardie tyd. Die gemiddelde getal simuliede (S. dannosum) wat per bees voorgekom het tydens bogenoemde metings is ook gelyktydig aangeteken (tabel 57 en 58).

As voorbeeld van die berekening van die verwagte simuliedgetal (tabel 59) word die meervoudige regressievergelyking van die September waarnemingsperiode (tabel 9) gebruik met die metings wat tydens die 08h00 - 09h00 uur periode in die Norvalspont-omgewing (tabel 58) gedoen is:

| Temperatuur | Relatiewe humiditeit | Windsnelheid | Windrigting | Ligintensiteit |
|---|---|---|---|---|
| $18^{o}C$ | 60 % | 0,6 m/sek | 310° | 4 400 lux |

$$|a \cos \Theta| = \text{Windspoed x cos (windrigting)} = 0,6 \cos 310 = 0,6 \times 0,6428 = 0,385$$

$$a \sin \Theta = \text{windspoed x sin (windrigting)} = 0,6 \sin 310 = 0,6 \times -0,7660 = -0,4596$$

$$-9,566\, X_3 = -9,566\, |a \cos \Theta| = -9,566 \times 0,385 = -3,6829$$

$$6,507\, X_4 = 6,507\, (a \sin \Theta) = 6,507 \times -0,4596 = -2,9906$$

$$0,006831\, X_5 = 0,006831\, (\text{ligintensiteit}) = 0,006831 \times 4400 = 30,0564$$

$$-0,01837\, X_1^2 = -0,01837\, (\text{temperatuur})^2 = -0,01837\, (18)^2 = -5,9519$$

$$0,0282\, X_1 X_2 = 0,0282\, (\text{temperatuur x humiditeit}) = 0,0282\, (18 \times 60) = 30,4560$$

$$0,7371\, X_1 X_3 = 0,7371\, (\text{temperatuur x } |a \cos \Theta|) = 0,7371\, (18 \times 0,385) = 5,1081$$

$$-0,0015\, X_2^2 = -0,00152\, (\text{humiditeit})^2 = -0,00152\, (60)^2 = -5,4720$$

$$-0,0841\, X_2 X_4 = -0,0841\, (\text{humiditeit x a sin } \Theta) = -0,0841\, (60 \times -0,4596) = 2,3191$$

$$-0,000046\, X_2 X_5 = -0,000046\, (\text{humiditeit x ligintensiteit}) = -0,000046\, (60 \times 4\,400) = -12,1440$$

$$-1,189\, X_3^2 = -1,189\, (|a \cos \Theta|)^2 = -1,189\, (0,385)^2 = -0,1762$$

$$-0,228\, X_3 X_4 = -0,228\, (\text{a cos } \Theta \text{ x a sin } \Theta) = -0,228\, (0,385 \times -0,4596) = 0,0403$$

TABEL 57. DIE GETAL SIMULIEDE WAT ONDER WISSELENDE OMGEWINGS= TOESTANDE OP VYF BEESTE VERSAMEL IS GEDURENDE UUR= LIKSE PERIODES IN DIE PARYS-OMGEWING

Vaalrivier by Parys

| Tyd | Tempe= ratuur °C | Humi= diteit % | Windsnel= heid m/sek | Wind= rigting grade | Ligin= tensiteit lux | Getalle per bees | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 07h00 - 08h00 | 17 | 87 | 0,6 | 85 | 2 800 | 8 | 10 | 9 | 8 | 13 |
| 08h00 - 09h00 | 18 | 80 | 1,2 | 90 | 3 400 | 15 | 18 | 12 | 14 | 10 |
| 09h00 - 10h00 | 19 | 60 | 1 | 80 | 4 400 | 18 | 23 | 18 | 17 | 19 |
| 15h00 - 16h00 | 21 | 50 | 0,4 | 10 | 5 800 | 21 | 25 | 17 | 23 | 18 |
| 16h00 - 17h00 | 21 | 50 | 0,4 | 10 | 4 200 | 28 | 32 | 24 | 30 | 22 |
| 17h00 - 18h00 | 20 | 70 | 0,4 | 10 | 3 000 | 27 | 37 | 31 | 21 | 25 |

TABEL 58. DIE GETAL SIMULIEDE WAT ONDER WISSELENDE OMGEWINGS= TOESTANDE OP VIER BEESTE VERSAMEL IS GEDURENDE UURLIKSE PERIODES IN DIE NORVALSPONT OMGEWING

Oranjerivier by Norvalspont

| Tyd | Tempe= ratuur °C | Humi= diteit % | Windsnel= heid m/sek | Wind= rigting grade | Ligin= tensiteit lux | Getalle per bees | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 07h00 - 08h00 | 19 | 90 | 0,2 | 300 | 2 800 | 6 | 9 | 10 | 8 |
| 08h00 - 09h00 | 18 | 60 | 0,6 | 310 | 4 400 | 26 | 24 | 33 | 39 |
| 16h00 - 17h00 | 20 | 40 | 0,2 | 180 | 6 100 | 13 | 19 | 18 | 19 |
| 17h00 - 18h00 | 20 | 40 | 0,2 | 170 | 4 800 | 28 | 36 | 39 | 8 |
| 18h00 - 19h00 | 19 | 70 | 0,2 | 90 | 2 900 | 27 | 28 | 35 | 32 |

TABEL 59. 'N VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERWAGTE SIMULIEDGETAL SOOS BEREKEN VAN 12 MEER=VOUDIGE REGRESSIEVERGELYKINGS EN DIE GEMIDDELDE SIMULIEDGETAL PER BEES BY TWEE LOKALITEITE

| Plek | Uurlikse waarnemings | Regressievergelykings | | | | | | | | | | | | Gemiddelde verwagte simuliedgetal | Gemiddelde simuliedgetal per bees |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | | |
| Parys | 07h00 - 08h00 | 29 | 73 | 0 | 29 | 127 | 119 | 18 | 10 | 124 | 22 | 6 | 4 | 47 | 48 |
| | 08h00 - 09h00 | 17 | 104 | 0 | 27 | 116 | 192 | 79 | 9 | 140 | 18 | 100 | 3 | 67 | 69 |
| | 09h00 - 10h00 | 87 | 185 | 20 | 57 | 122 | 254 | 133 | 33 | 150 | 74 | 17 | 42 | 98 | 95 |
| | 15h00 - 16h00 | 134 | 154 | 39 | 59 | 108 | 298 | 133 | 55 | 87 | 23 | 61 | 34 | 99 | 104 |
| | 16h00 - 17h00 | 188 | 177 | 117 | 111 | 152 | 298 | 170 | 95 | 161 | 64 | 110 | 60 | 142 | 136 |
| | 17h00 - 18h00 | 156 | 138 | 120 | 103 | 248 | 305 | 117 | 121 | 214 | 106 | 42 | 61 | 144 | 141 |
| | | | | | | | | | | Gemiddelde | | | | 100 | 98,8 |
| Norvalspont | 07h00 - 08h00 | 32 | 41 | 1 | 24 | 126 | 70 | 3 | 2 | 74 | 33 | 7 | 4 | 35 | 33 |
| | 08h00 - 09h00 | 212 | 176 | 22 | 86 | 108* | 285 | 100 | 78 | 72 | 50 | 173 | 26 | 116 | 122 |
| | 16h00 - 17h00 | 94 | 171 | 10 | 27 | 51 | 176 | 128 | 44 | 43 | 16 | 145 | 28 | 78 | 69 |
| | 17h00 - 18h00 | 133 | 196 | 44 | 61 | 74 | 178 | 138 | 69 | 86 | 51 | 183 | 32 | 104 | 111 |
| | 18h00 - 19h00 | 109 | 159 | 70 | 79 | 175 | 273 | 90 | 108 | 179 | 110 | 101 | 37 | 124 | 122 |
| | | | | | | | | | | Gemiddelde | | | | 91 | 91 |

* - Berekening van hierdie getal is as 'n voorbeeld in teks behandel.

$-0,000595\ X_3X_5 = -0,000595$ (a cos Θ x ligintensiteit) = $-0,000595$

(0,385 x 4 400) = -1,0079

$-0,75\ X_4^2 = -0,752\ (a \sin \Theta)^2 = -0,752\ (0,4596)^2$ = -0,1588

$-0,000297\ X_4X_5 = -0,000277$ (a sin Θ x ligintensiteit) = $-0,000297$

(-0,4596 x 4 400) = 0,6006

$-0,000000548\ X_5^2 = -0,000000548\ (\text{ligintensiteit})^2 = -0,000000548$

$(4\ 400)^2$ = -10,6092

konstante = -15,9

Totaal = 10,4329

Dus: $Y = (10,4329)^2 - \frac{3}{8} = 108,4702$

Gevolglik is die verwagte simuliedgetal ≈ 109

Die resultate van die berekenings word in tabel 59 weergegee.

In beide toetsings is die verwagte simuliedgetalle baie na aan die werklike gemiddelde simuliedgetal wat in een uur op 'n bees gevang is (tabel 59).

Die geformuleerde model is dus suksesvol.

## 8. DIE EKONOMIESE BELANGRIKHEID VAN SIMULIEDE IN SUID-AFRIKA EN DIE PRAKTIESE IMPLIKASIE VAN HIERDIE ONDERSOEK T.O.V. HIERDIE PROBLEEM

Die skade wat simuliede aan melkproduksie veroorsaak is wel bekend (Schmidt, 1916; Rempel & Arnason, 1947; Davies, 1957; Demyanchenko, 1957; 1960, Mykytowycz, 1957; Duke & Besley, 1958; Crosskey, 1961, 1962 en Anderson & Voskuil, 1963). Slegs Demyanchenko (1957) het die verlies aan melkproduksie a.g.v. simulied-aan= valle kwantitatief bepaal en volgens hom sal melkproduksie met die helfte afneem as

simulied-aanvalle straf is. Die bevinding kom ooreen met resultate wat in een van my eksperimente (1970) verkry is (tabel 51). Gedurende die ander twee eksperimente het melkproduksie met slegs ongeveer een-derde afgeneem. Omdat genoemde waar= nemings slegs oor 'n kort periode (drie weke) gemaak is, is dit moontlik dat ver= liese nog groter oor langer periodes sal wees. Gemiddeld kon 'n verlies van 5 kg melk per koei per dag aangetoon word. Gesien teen die huidige marginale winsgrens van melkboerderye kan sulke verliese nie bekostig word nie.

Sover bekend, is dit die eerste keer dat simulied-aanvalle op verskillende beesrasse vergelyk is. Hiervolgens word Jerseys verreweg die meeste aangeval, daarna volg Ayrshires en Friese terwyl Afrikaners die minste las van S. damnosum ondervind het. Volgens Berzina (1957) is die omvang van simulied-aanvalle op diere 'n funksie van die lengte en tipe haarbedekking, die beweegbaarheid en dikte van die vel, die velbewegingsvermoë van die paniculus-spier, die lengte van die stert en morfologie van die stertwerwels. Daar kan dus aanvaar word dat indien 'n melkery beoog word in gebiede waar simulied-aanvalle straf is, dit meer voordelig sal wees om Ayrshires en Friese aan te hou as Jerseys.

My opnames het ook getoon dat simulied-aanvalle groot skade by aanteelvee tot gevolg kan hê. Jong verse kan maklik spene verloor a. g. v. simulied-aanvalle. In die Parys= gebied het 34% van alle aanteelvee wat in die gebied groot geword het een of meer spene verloor. Volgens Demyanchenko (1957) kan kalwers 4 kg massa per week verloor a. g. v. simulied-aanvalle. Die gebruik van afweermiddels kan hierdie verliese voorkom soos bewys is met die eksperimente wat op bladsy 111 gerapporteer is. Hierdie af= weermiddels is slegs oor 'n kort periode effektief maar die aanwending is redelik eenvoudig. Die simuliede kom net gedurende sekere tye van die jaar straf voor (fig. 40) wat behandeling dus net vir 'n gedeelte van die jaar noodsaak. Benewens hierdie beheermaatreëls kan weidingmanipulasie gepraktiseer word.

Die drumpel- en plafonwaardes wat in tabel 56 weergegee is, kan t. o. v. weiding= manipulasie belangrik wees. Indien, byvoorbeeld die omgewingsfaktore wat 'n invloed

op simulied-aktiwiteit het, gemeet word en gevind word dat een van hulle 'n kritieke waarde oorskry, kan daar volgens die resultate van die onderhawige studie (p. 136 ) aangeneem word dat geen simuliede sal voorkom nie en beeste kan toegelaat word om ongehinderd in die simuliedbesmette gebied te wei.

Deur gebruik te maak van die gegewe meervoudige regressievergelykings om akti= witeit te voorspel (p. 137 ) kan die weidingmanipulasie nog verder uitgebrei word. Deur sekere omgewingsfaktore te meet en die simuliedaktiwiteit wat in die gebied sal voorkom te voorspel kan besluit word of gebiede bewei kan word of nie. Indien die verwagte aktiwiteit min is, kan beeste toegelaat word om in 'n simuliedbesmette gebied te wei maar indien die verwagte aktiwiteit groot is moet alle beeste uit so 'n gebied verwyder word.

Genoemde voorspelling is nie alleen belangrik om diere van simulied-aanvalle te vrywaar deur hulle te verwyder nie maar kan ook as 'n maatstaf gebruik word om afweermiddels te spuit al dan nie afhangende van die aktiwiteitsvoorspelling. Hierdie gebruik van die meervoudige regressieformules vir die voorspelling van aktiwiteit om te bepaal of beheermaatreëls (afweermiddels en/of weidingmanipulasie) gebruik sal word al dan nie stel 'n werkswyse daar wat beantwoord aan die voorwaarde wat deur Muirhead-Thomson (1968) bepleit is.

Die daarstelling van akkurate korttermyn weervoorspellings, van nasionale omvang kan die voorspelling van simuliedaktiwiteit op 'n streeksgrondslag moontlik maak. Indien die verwagte weersomstandighede byvoorbeeld, 48 of 72 uur vooruit t. o. v. temperatuur, humiditeit, ligintensiteit en windsnelheid en -rigting bekend is, kan weidingprosedures vooraf bereken word.

Benewens al hierdie voorsorgmaatreëls wat getref kan word is beweiding snags altyd toelaatbaar want, soos bevind is in hierdie ondersoek, kom simuliede nie snags op beeste voor nie.

Die voorsorgmaatreëls is klaarblyklik net nodig tydens die voorkomsseisoene (fig. 40) en binne 1 - 1,5 km vanaf die broeiplekke in strome en riviere.

Eierproduksie deur hoenders word ook swaar getref deur simulied-aanvalle (wyfies van S. nigritarsis in die geval). 'n Gemiddelde afname van 8 eiers per tien henne per week het voorgekom en sover bekend is dit die eerste keer dat verliese in eierproduksie kwantitatief aangetoon is. Ook kon 'n opmerklike afname in voed=selinname, kwantitatief in hierdie ondersoek gedemonstreer word en noodge=dwonge sal die massa van die henne gevolglik ook nie na wense toeneem nie wat nadelig is vir latere bemarking.

Praktiese voorkomingsmaatreëls, soos hierbo vir beeste voorgestel is, kan egter nie vir die vrywaring van simulied-aanvalle op hoenders voorgestel word nie.

9. OPSOMMING

1. Simuliede is 'n ernstige plaag van diere dwarsoor die wêreld, en dit tree in Suid-Afrika steeds meer op die voorgrond.
2. Ondersoek is in Suid-Afrika by die Vaalrivier ingestel na die aktiwiteit en getalsdigtheid van S. damnosum en S. nigritarsis gedurende die tydperk 1965 - 1972.
3. Wat die volwassenes betref, is die aktiwiteit en getalsdigtheid kwantitatief gemeet as die aantal eksemplare wat m. b. v. kunsmatige valle gevang is. Gelyktydig hiermee is verskeie omgewingsfaktore gemeet om vas te stel wat die invloed van sodanige faktore op aktiwiteit is.
4. 'n Onderskeid is gemaak, en aparte metings is gedoen m. b. v. verskillende soorte kunsmatige valle, tussen aktiwiteit bedags en aktiwiteit snags.
5. Die kunsmatige valle wat tydens die dag vir versameling van S. damnosum gebruik is, kan as deurbraak in ekologiese ondersoeke van die spesie beskou word omdat hiermee weggedoen is met die gebruik van mense of diere as lokmiddel. Genoemde valle was nie alleen suksesvol vir kwantitatiewe werk nie maar het ook 'n betroubare weergawe van werklike aanvalle op beeste gegee.
6. Sover bekend, is die aktiwiteit van volwassenes van S. damnosum gedurende die nag vir die eerste keer in hierdie ondersoek aangetoon.
7. Verskeie drumpel-, plafon- en optimumwaardes van omgewingsfaktore wat 'n invloed op die aktiwiteit van S. damnosum en S. nigritarsis het, is bepaal.
8. Die invloed van omgewingsfaktore en kombinasies daarvan is kwantitatief vasgestel.
9. Die grootste gedeelte van die aktiwiteitsvariasie kon verklaar word wat daarop dui dat die faktore wat aktiwiteit beïnvloed almal in aanmerking geneem is.
10. 'n Geformuleerde model is daargestel wat betroubare voorspelling van getalle moontlik maak indien sekere omgewingsfaktore se waardes bekend is.
11. Genoemde voorspellings kan in die praktyk gebruik word vir weidingmanipulasie of

die aanwending van afweermiddels ter bestryding van die plaag.

12. 'n Ekonomiese afweermiddel is saamgestel en onder plaaslike toestande getoets.

13. Die invloed van simulied-aanvalle op beeste en hoenders is bepaal deur die verliese in melk- en eierproduksie kwantitatief te meet.

14. Simulied-aanvalle op verskillende beesrasse is ondersoek.

15. Die radius van voorkoms vanaf broeiplekke was 1 - 1,5 km vir S. damnosum.

16. Die skade wat simulied-aanvalle op aanteelvee veroorsaak is ondersoek.

17. Die aktiwiteit en getalsdigtheid van larwes van S. damnosum en S. nigritarsis is ook kwantitatief bepaal.

18. Deur gebruik te maak van regressietegnieke kon die aktiwiteit van die larwes aan die hand van sekere fisiese en chemiese faktore van water verklaar, en die drumpel-, plafon- en optimumwaardes vasgestel word.

19. Die faktore wat 'n rol speel by die ontpopping van papies van S. damnosum en S. nigritarsis is kwantitatief bepaal en die drumpel-, plafon- en optimumwaardes is aangetoon.

## 10. DANKBETUIGING

Die skrywer wens sy dank en waardering teenoor die volgende persone en instansies te betuig:

Prof. J. A. van Eeden vir sy hooggewaardeerde advies tydens die skryf van die proefskrif;

Dr. S. J. Pretorius vir sy bekwame leiding en hulp wat te alle tye tot my beskikking was;

Die W. N. N. R., die Paryse Munisipaliteit en A. V. E. G. vir noodsaaklike fasiliteite.

## 11. LITERATUURVERWYSINGS


ANDERSON, J. R. & VOSKUIL, G. H., 1963. A reduction in milk production caused by the feeding of blackflies (Diptera: Simuliidae) on dairy cattle in California, with notes on the feeding activity on other animals. Mosq. News 23, 126 - 131.

ANDREWARTHA, H. G. 1958. The use of conceptual models in population ecology. Cold Spring Harb. Symp. Quant. Biol. 22. 219 - 36.

—————, 1970. Introduction to the study of animal populations. Methuen, London.

BARANOV, N., 1936. Studien an pathogenen und parasitischen Insekten. IV. Simulium columbaczense Schönb. in Yugoslavie. Arch. Tierheilk. 72, 158 - 164.

BEQUAERT, J. C., 1929. The insect carrier of Onchocerca volvulus in Liberia. Fourth International Congr. Ent. Ithaca (1928) 2, 605 - 607.

BERZINA, A. N., 1953. Attacks of Simuliidae on man under natural conditions. Parazitol. sborn. Zool. inst. AN SSSR 15, 353 - 385. (Oorspronklik in Russies, vertaal deur Translation Bureau, Iowa State University, 1968).

—————, 1957. Attacks of Simuliidae in the middle reaches of the River Angara under natural conditions. Parazitol. sborn. Zool. Inst. AN SSSR 17, 168 - 195. (Oorspronklik in Russies, vertaal deur Translation Bureau, Iowa State University, 1968.)

BLACKLOCK, D. B., 1926. The development of Onchocerca volvulus in Simulium damnosum. Ann. trop. Med. Parasit. 20, 1 - 48.

BORKOVEC, A. B., 1966. Insect chemosterilants. Advances in pest control research, vol. 7. Interscience Publishers, New York.

BREEV, K. A., 1950. The behaviour of bloodsucking Diptera and warble flies attacking reindeer and the reaction of the deer. Parazitol. sborn. Zool. inst. AN SSSR 12, 167 - 198. (Oorspronklik in Russies, vertaal deur Translation Bureau, Iowa State University, 1968.)

BROWNING, T. O., 1963. Animal populations. Hutchinson, London.

BUCKLEY, J. J. C., 1949. Studies on human onchocerciasis and Simulium in Myanza Province, Kenya, 1. Journ. Helminth. 23, 1 - 24.

CARIASO, B. L., 1962. The ecology of Simulium aquatic stages. The Phillipine Agriculturist XLVI, 369 - 377.

CHUTTER, F. M., 1967. Hydrobiological studies of the Vaal river. C. S. I. R. Special Report WAT, 38. May, 1967.

CLARK, L. R., GEIER, P. W., HUGHES, R. D. & MORRIS, R. F., 1968. The ecology of insect populations in theory and practice. Methuen, London.

CRISP, G., 1956. An ephemeral fauna of torrents in the northern territories of the Gold Coast, with special references to the enemies of Simulium. Ann. trop. Med. Parasit. 50, 260 - 268.

CROSSKEY, R. W., 1958. First results in the control of Simulium damnosum Theobald (Diptera, Simuliidae) in Northern Nigeria. Bull. ent. Res. 49, 715 - 735.

————————, 1960. A taxonomic study of the larvae of West African Simuliidae (Diptera: Nematocera) with comments on the morphology of the larval blackfly head. Bull. Brit. Mus. (Nat. Hist.) Entomology 10, 1 - 74.

————————, 1961. Black flies (Simuliids) - pests of man and animals (a review of the literature) Part 1: Biology and economic importance. Pest Technol. 3, 182 - 186.

————————, 1962. Observations on the uptake of human blood by Simulium damnosum: The engorgement time and size of the blood meal. Ann. trop. Med. Parasit. 56, 141.

DALMAT, H. T., 1955. The black-flies (Diptera: Simuliidae) of Guatemala and their role as vectors of onchocerciasis. Smithson. misc. Collns. 125, No. 1.

DAME, D. A. & FORD, H. R., 1964. Chemosterilization and its permanency in mosquitoes. Nature, 201, 733.

DAME, D. A., WOODARD, D. B. & FORD, H. R., 1964. Chemosterilization of Aedes aegypti (L.) by larval treatments. Mosquito News, 24, 1.

DAVIES, D. M., 1952. The population and activity of adult female blackflies in the vicinity of a stream in Algonquin Park, Ontario. Canad. J. Zool. 30, 287 - 321.

DAVIES, L., 1957. A study of the age of females of Simulium ornatum Mg. attracted to cattle. Bull. ent. Res. 48, 535 - 552.

DAVIES, L. & WILLIAMS, C. B., 1962. Studies on black-flies (Diptera: Simuliidae) taken in a light trap in Scotland, I. Seasonal distribution, sex ratio, and internal condition of catches. Trans. R. ent. Soc. Lond. 116, 1 - 20.

DEMYANCHENKO, G. F., 1957. Studies of Simuliidae attacking domestic animals. Trud. nauchno-issled. vet. Inst. Moskva, 3, 78-79.(Oorspronklik in Russies, vertaal deur Translation Bureau, Iowa State University, 1968.)

————————, 1960. The nature of the attack by blackflies (Simuliidae) on agricultural animals. Trud. nauchno-issled. vet. Inst. 1, 105 - 109. (Oorspronklik in Russies, vertaal deur Translation Bureau, Iowa State University, 1968.)

DUKE, B. O. L., LEWIS, D. J. & MOORE, P. J., 1966. Onchocerca - Simulium complexes. Ann. trop. Med. Parasit. 60, 3, 318 - 336.

DUKE, B. O. L. & BEESLEY, W. N., 1958. The vertical distribution of Simulium damnosum bites on the human body. Ann. trop. Med. Parasit. 52, 274 - 281.

DUNBAR, R. W., 1966. Four subling species included in Simulium damnosum Theobald (Diptera: Simuliidae) from Uganda. Nature, 5023, 597 - 599.

————————, 1969. Nine cytological segregates in the Simulium damnosum complex (Diptera: Simuliidae). Bull. W. H. O. 40, 974 - 979.

EDMUND, A. G., 1952. The relationship between blackfly activity and meterological conditions. M. A. - thesis, Univ. of Toronto.

EDWARDS, F. W., 1941. Mosquitoes of the Ethiopian Region, III. Brit. Mus. (Nat. Hist.) London.

FAIN, A., 1949. Simulies du Kivu. Rev. Zool. Bot. Afr. 42, 295 - 298.

————————, 1950. Simulies nouvelles du Ruanda Urundi. Rev. Zool. Bot. Afr. 43, 101 - 123.

FREDEEN, F. J. H., 1958. Black-flies of the agricultural areas of Manitoba, Saskatchewan and Alberta. Proc. 10th inst. Congr. Ent. Ottowa, 819 - 823.

————————, 1961. A trap for studying the attacking behaviour of black flies. Simulium arcticum Mall. Canad. Ent. 93, 73 - 78.

FREEMAN, P. & DE MEILLON, B., 1953. Simuliidae of the Ethiopian region. Brit. Mus. (Nat. Hist.) London.

GIBBINS, E. J., 1941. Notes on Ethiopian Simuliidae, III. E. Afr. med. Journ. 18, 210 - 218.

GLEDHILL, T., 1960. The Ephmeroptera, Plecoptera and Trichoptera caught by emergence traps in two streams during 1958. Hydrobiologia, 15, 179 - 188.

GOULDING, JR., R. L. & DEONIER, C. C., 1950. Observations on the control and ecology of black flies in Pennsylvania. J. econ. Ent. 43, 702 - 704.

HARRISON, A. D., 1958. Hydrobiological studies on the Great Berg river. Part I. Trans. Roy. Soc. S. Afr. 35, 125 - 226.

HOCKING, B., & PICKERING, L. R., 1954. Observations on the bionomics of some northern spesies of Simuliidae. Canad. J. Zool. 32, 99 - 119.

HUGHES, M. H., 1952. Some observations on the bionomics of Simulium damnosum Theobald in the southern Gold Coast. W. Afr. Med. J. 1, 16.

HUBAULT, R., 1927. Biology of simulids. Folia. clin. biol. 20, 101 - 149.

HUGO, P. D., 1972. Persoonlike mededeling - Illinois State University, Urbana.

IGARASHI, K., 1960. Ecological studies on the black flies in Shonai District. Bull. Yamagata Univ. (agric. Sci.) 3, 17 - 24.

JONES, C. M. & RICHEY, D. J., 1956. Biology of the blackflies in Jasper County, South Carolina, and some relationships to a Leucocytozoon disease of turkeys. J. econ. Ent. 49, 121 - 123.

KALMyKOV, E. S., 1954. The effectiveness of the application of dimethyl phthalate to the skin for individual protection from the attacks of mosquitoes, Simuliids and Ceratopogonids. Med. Parazit. 2, 153 - 158. (Oorspronklik in Russies, vertaal deur Translation Bureau, Iowa State University, 1968.)

LAMONTELLERIE, M., 1963. Observations sur Simulium adersi Pomeroy en zone de savane seche. Bull. de l'I. F. A. N. 25, 467 - 484.

——————, 1967. Captures de Dipteres Simuliidae de nuit en zone de savane seche. Bull. I. F. A. N. 29, 1812 - 1832.

LE BERRE, R., 1966. Contribution a l'etude biologique et ecologique de Simulium damnosum Theobald (Diptera: Simuliidae). Memoires O. R. S. T. O. M. 17, 204 pp.

LE BERRE, R., BALAY, G., BRINGUES. J. & COZ, J., 1964. Biologie et ecologie de la femelle de Simulium damnosum Theobald. Bull. W. H. O. 31, 843 - 855.

LEWIS, D. J., 1948. The Simuliidae of the Anglo-Egyption Sudan. Trans. R. ent. Soc. 99, 475 - 496.

——————, 1953. Simulium damnosum and its relation to onchocerciasis in the Anglo-Egyptian Sudan. Bull. ent. Res 43, 597 - 644.

——————, 1960. Observations on Simulium damnosum in the southern Cameroons and Liberia. Ann. trop. Med. Parasit. 54, 208 - 223.

——————, 1965. The sand-flies of the Gambia (Diptera: Phlebotomiinae). J. med. Ent. 1, 371 - 376.

LEWIS, D. J., LYONS, G. R. L. & MARR, J. D. M., 1961. Observations on Simulium damnosum from the Red Volta in Ghana. Ann. trop. Med. Parasit. 55, 202 - 210.

LEWIS, D. J. & DUKE, B. O. L., 1966. Onchocerca-Simulium complexes, II. Variation in West African female Simulium damnosum. Ann. trop. Med. Parasit. 60, 337 - 346.

McMAHON, J. P., HIGHTON, R. B. & GORINY, H., 1958. The eradication of Simulium neavei from Kenya. Bull. W. H. O. 19, 71 - 81.

McRAE, A. W. R., 1967. The Simulium damnosum species complex. E. Afr. Virus Research Inst. Report 1966, 38 - 39.

MÖNNIG, H. O. & VELDMAN, F. J., 1953. Handboek oor Veesiektes. Nasionale Boekhandel, Kaapstad.

MORRIS, R. F., 1959. Single factor analysis in population dynamics. Ecology 40, 580 - 588.

——————, 1963. Predictive population equations based on key factors. Mem. ent. Soc. Canada 32, 16 - 21.

MUIRHEAD-THOMSON, R. C., 1968. Ecology of insect vector populations. Academic Press, London.

MYKYTOWYCZ, R., 1957. The transmission of myxomatosis by Simulium melatum Wharton. C. S. I. R. O. Wildl. Res. 2, 1 - 4.

NEILSON, M. M. & MORRIS, R. F., 1964. The regulation of European spruce sawfly numbers in the Maritime Provinces of Canada from 1937 to 1963. Can. Ent. 96, 773 - 784.

NEWSTEAD, R., DUTTON, J. & TODD, J., 1907. Insects and other Arthropoda collected in the Congo Free State. Ann. Trop. med. Parasit. 1, 3 - 112.

OVAZZA, M., COZ, J. & OVAZZA, L., 1965a. Etude des populations de Simulium damnosum Theobald, 1903 (Diptera: Simuliidae) en zones de gites non permanents, I. Observations zur les variations de quelques uns des caracteres utilizes dans l'estimation de l'age physiologique. Bull. Soc. Path. Exot. 58, 938 - 950.

OVAZZA, M., OVAZZA, L. & BALAY, G., 1965b. Etude des populations de Simulium damnosum Theobald, 1903 (Diptera: Simuliidae) en zones de gites non permanents, II. Variations saisonnieres se produisant dans les populations adultes et preimaginales. Bull. Soc. Path. Exot. 58, 1118 - 1154.

PETERSEN, A., 1924. Contributions to the knowledge of the Danish Simuliids. D. Kgl. Danske Videnskab Selskab. Skrifter, Naturvidenskab. Math. Afdel. Ser. 8, 5 (4), 1 - 107.

PETERSEN, J. & STEENKAMP, J. A., 1968. Computers and ecosystems. Pap. Iowa Acad. Sci. 11, 213 - 219.

PETERSON, J., 1972. A new mathematical approach to ecological problems. Pap. Iowa. Acad. Sci. 15, 101 - 109.

PHILLIPSON, J., 1956. A study of factors determining the distribution of the larvae of the blackfly Simulium ornatum Mg. Bull ent. Res. 47, 227 - 238.

——————, 1957. The effects of current speed on the distribution of the larvae of the Blackflies, Simulium variegatum Mg. and Simulium monticola Fried. Bull. ent. Res. 48, 811 - 819.

PURI, I. M., 1925. On the life history and structure of the early stages of Simuliidae (Diptera, Nematocera). Parasit. 17, 295 - 369.

REMPEL, J. G. & ARNASON, A. P., 1947. An account of three successive outbreaks of the blackfly Simulium arcticium, a serious livestock pest in Saskatchewan. Sci. Agr. 27, 428 - 445.

RUTTNER, F., 1952. Fundamentals of Lymnology. University of Toronto Press, Toronto.

SCHMIDT, M., 1916. Durch die Kohumbácser Mücken hervorgerufene Erkrankhungen. Deutsche Tierärztl. Wochenschr. 27, 247 - 248.

SKAIFE, S. H., 1938. African Insect life, Longmans Green, Cape Town.

SNEDECOR, G. W., 1966. Statistical Methods. Iowa State University Press, Ames.

SOUTHWOOD, T. R. E., 1966. Ecological methods. Methuen, London.

STEENKAMP, J. A., 1965. Die aktiwiteit en populasiedigtheid van Simulium-spp. langs die Vaalrivier (Simuliidae: Diptera). M. Sc. Agric. -verhandeling, Univ. van die O. V. S..

STEENKAMP, J. A. & AURET, W., 1968. Ecological methods and Simulium in Southern Africa. Proc. Int. Congr. bloodsucking Dipt. Lima, 1968. 2, 130 - 184.

TAYLOR, R. B., 1971. New trends in ecology. Pap. Iowa Acad. Sci. 14, 28 - 52.

THORNTHWAITE, C. W., 1940. Atmospheric moisture in relation to ecological problems. Ecology 21, 17 - 28.

UNDERHILL, G. W., 1940. Some factors influencing feeding activity of Simuliids in the field. J. econ. Ent. 33, 915 - 917.

USSOVA, Z. V., 1958. Experiments to find methods of control of the aquatic stages. Trudy Karel'skogo Filiala AN SSSR, 14, 114 - 123. (Oorspronklik in Russies, vertaal deur Translation Bureau, Iowa State University, 1968.)

————, 1961. Flies of Karelia and the Murmansk region (Diptera, Simuliidae). (Oorspronklik in Russies, vertaal deur Isreal Program for Scientific Translations, Jerusalem, 1964.)

USSOVA, Z. V., 1964. Attacks of Simuliidae in Karelia. Entomologicheskoe Obozrenie, 37(4), 86 - 109.

VARLEY, G. C., & GRADWELL, G. R., (1960). Key factors in population studies. F. Anim. Ecol. 29, 399 - 401.

—————, 1963. Predatory insects as density dependent mortality factors. Proc. Int. Congr. Zool. 16 Washington, 1963. 1, 240.

—————, 1965. Interpreting winter moth population changes. Proc. Int. Congr. Ent. 12. London, 1964. 377 - 378.

WATT, K. E. F., 1959. A mathematical model for the effect of densities of attacked and attacking species on the number attacked. Can. Ent. 91, 129 - 44.

—————, 1961. Mathematical models for use in insect pest control, Can. Ent. 93 (Suppl. 19), 1 - 62.

—————, 1962. Use of mathematics in population ecology. A. Rev. Ent. 7, 243 - 260.

—————, 1963a. Mathematical models for five agricultural crop pests. Mem. ent. Soc. Canada 32, 83 - 91.

—————, 1963b. Dynamic programming. 'Look ahead programming' and the strategy of insect pest control. Can. Ent. 95, 525 - 536.

—————, 1964a. The use of mathematics and computers to determine optimal strategy and tactics for a given insect pest control problem. Can. Ent. 96, 202 - 220.

—————, 1964b. Density dependence in population fluctuations. Can. Ent. 96, 1147 - 1148.

WANSON, M., 1950. Contribution á l'étude de l'onchocercose africaina humaine. Ann. Soc. belge Méd. trop. 30, 667 - 836.

W. H. O., 1965. Expert Committee on Onchocerciasis. 2nd report. W. H. O. Technical Report Series. No. 335, 96. Geneva.

WILLIAMS, C. B., 1962. Studies on black flies taken in a light trap in Scotland. Trans. R. ent. Soc. 114, 28 - 47.

WILLIAMS, C. B., 1965. (Diptera: Simuliidae) in a suction trap in the Central Highlands of Scotland. Proc. R. ent. Soc. Lond. A40, 92 - 95.

WILLIAMS, T. R. & OBENG, L., 1962. A comparison of two methods of estimating changes in Simulium larval populations, with a description of a new method. Ann. trop. Med. Parasit. 56, 359 - 361.

WOLFE, L. S. & PETERSON. D. G., 1958. A new method to estimate levels of infestations of blackfly larvae (Diptera: Simuliidae). Can. J. Zool. 36, 683 - 687.

WU, Y. F., 1931. A contribution to the biology of Simulium (Diptera). Pap. Mich. Acad. Sci. 13, 543 - 599.

Gedruk en gebind deur:
Mooirivier Drukkery (Edms) Bpk.,
Jeppestraat, Potchefstroom.